

Betwiste staatskap: Die TBVC-state in vergelykende internasionale perspektief

Deon Geldenhuys

Deon Geldenhuys, Politiek en Internasionale Betrekkinge, Universiteit van Johannesburg

Opsomming

Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei was tussen 1976 en 1994 onafhanklike state ingevolge wette van Suid-Afrika en hul eie wetgewers. Buiten Suid-Afrika het geen ander volwaardige staat die sogenaamde TBVC-state se onafhanklikheid erken nie; hul reg op staatskap is internasionaal heftig betwis. Tog was die vier voormalige swart tuislande van Suid-Afrika destyds nie die enigste betwiste oftewel de facto-state nie. Boonop bestaan daar vir reeds meer as 20 jaar nog 10 ander betwiste state.

Akademiese belangstelling in die hedendaagse groep betwiste state en ook in hul voorgangers het die afgelope 30 jaar of wat sterk gegroei en tot 'n indrukwekkende korpus literatuur gelei. Tog word daar in hierdie teoretiese en gevallestudies selde indien ooit aandag aan die TBVC-state gegee. Omgekeerd het studies van die vier voormalige tuislande ook nie gepoog om hulle in die konteks van ander betwiste state te ondersoek nie. Die huidige artikel poog om hierdie twee gapings te begin vul.

Aan die hand van teoretiese insigte oor en gevallestudies van gans ander betwiste state, word die TBVC-entiteite se betwiste staatskap ondersoek. Drie fases in die lewensiklus van betwiste state word onderskei, te wete hoe hulle in dié ongewone en onwelkome situasie beland; hoe hulle voortbestaan te midde van 'n gebrek aan internasionale erkenning van hul staatskap; en hoe hulle aan hierdie ongemaklike toestand kan ontsnap.

Die oorsprong van betwiste state bepaal meesal hul lot. As produkte van apartheid en rasse-diskriminasie is die TBVC-state internasionale erkenning ontsê. In hul voortbestaan moes die TBVC-lande die tipiese funksies van betwiste state verrig, insluitend staat- en nasiebou, die bevordering van sekuriteit, ekonomiese ontwikkeling en die voer van buitelandse betrekkinge. Die TBVC-state het weens 'n regime-verandering in Suid-Afrika tot 'n einde gekom. In al drie opsigte kan interessante vergelykings getref word met ander betwiste state van die verlede en hede.

Trefwoorde: afsonderlike ontwikkeling; apartheid; betwiste state; Bophuthatswana; Ciskei; de facto-state; erkenning van state; nasiebou; staatbou; swart tuislande; Transkei; Venda

Abstract

Contested statehood: The TBVC states in comparative international perspective

Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei existed as nominally independent states for different periods between 1976 and 1994. The group of former black African homelands (Bantustans) of South Africa had become independent under laws adopted by the South African parliament and their own respective legislatures. Except for South Africa, no other existing state recognised the independence of the so-called TBVC states; the latter experienced collective non-recognition. Because their very right to statehood was challenged by the world community, the four entities can be designated as contested (or de facto) states.

At the time the TBVC countries were neither the first nor the only contested states in the world. Previously Katanga and Biafra were in this situation. The contested statehood of the Republic of China (Taiwan), the Sahrawi Arab Democratic Republic (Western Sahara), the Turkish Republic of Northern Cyprus, Palestine, Somaliland, Kosovo, Transnistria, Nagorno Karabakh and South Ossetia coincided for varying periods with those of the TBVC sister countries and continues to this day. Abkhazia joined them in 1999. To be sure, several of today's 10 contested states enjoy a limited measure of de jure recognition but none of them have received the "birth certificate" of confirmed statehood by being admitted to full membership of the United Nations. All of them, like the TBVC states before, experience de facto international statehood because they meet the basic requirements of statehood under international law.

In the growing scholarly interest in such entities over the last 30 years or so, the TBVC countries are seldom if ever mentioned in the same breath as other contested states. This neglect could be attributed to ignorance of the existence of the TBVC group or to a tendency to dismiss them out of hand as mere products of apartheid and hence not worthy of academic inquiry.

Against this background the main aim of the present article is to examine the TBVC entities in the context of other contested states, drawing on theoretical insights developed in recent academic studies. In so doing similarities and differences between the TBVC countries and other contested states can be identified. The focus will, however, be on Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei, not the others. A further caveat is that not all features of the TBVC foursome's contested statehood can be examined in detail in this article. Preference will be given to the causes and international manifestations of their contested statehood. Still, the inquiry will hopefully be comprehensive enough to prove that the TBVC countries qualify as further examples of a distinct international actor – or more species of the same genus – called the contested or de facto state. At the same time the TBVC entities add to the diversity among contested states.

The simple analytical framework used in this inquiry is based on the three phases in the life cycle of contested states: their origin (how did these entities end up in the invidious, uncomfortable and undesirable situation of contested statehood?); their existence or survival as contested states (relegated to the margins of the world community of confirmed states and

typically faced with serious existential threats from their countries of origin or parent states); and finally exiting contested statehood (how did this actually occur in several cases or could it conceivably happen in other instances in future?) based on the assumption that most contested states wish to escape this status by gaining *de jure* recognition and joining the world of confirmed states. In short, the framework for analysis focuses on getting in, getting on and getting out of contested statehood.

In dealing with the emergence of contested states, attention is paid first to the basic criteria of statehood enshrined in the Montevideo convention of 1933, supplemented by a few more recent requirements widely applied by confirmed states. It is found that the existing 10 contested states and the TBVC countries broadly meet the Montevideo standards, but many of them fall short of the additional criteria. Purported states born of secession from their original states or through other actions proscribed by international law – such as aggression, occupation and racial discrimination – had their claims to statehood seriously challenged by the international community. This still applies to, among others, Northern Cyprus, Abkhazia, Ossetia, Somaliland and Kosovo. The four TBVC states were, as products of apartheid, conceived, born and bred in the sin of racial discrimination; apartheid had even been declared a crime against humanity by the United Nations. This particular origin placed the TBVC countries in a class of their own among contested states.

The second phase in the life of contested states involves their existence in conditions of international opposition and isolation. These realities can complicate the affected countries' performance of six typical tasks: promoting security or just basic survival in the face of external hostility, state building, nation building, democratisation, economic development, and international relations. Given their complete lack of international recognition (except from South Africa, their creator and parent state), the TBVC entities were utterly beholden to South Africa for providing them with an economic and financial lifeline, governance assistance and security support. South Africa acted as a benevolent hegemon in the patron-client relationship it maintained with each of the four sister states. In all these respects there are solid grounds for closer comparisons between the TBVC countries and other contested states. Where the South Africa-TBVC relationship may well differ materially from the foreign ties of other contested states, is in the extensive network of multilateral institutions – styled the Economic Community of Southern Africa – that bound them together.

Getting out of contested statehood is the final of the three phases. Biafra and Katanga exited this status and were reincorporated into their original states through the use of force by Nigeria and the Congo respectively. The same happened much later to the Chechen Republic of Ichkeria (returned to Russia) and the Republic of Serbian Krajina (reintegrated into Croatia). While acknowledging that the leaders of some contested states may be reasonably content with and derive personal benefit from the status quo, most contested states seek to escape from international exile by graduating to confirmed statehood with all the attendant rights, privileges and responsibilities conferred by international law. Of today's 10 contested states, Kosovo is best placed for higher honours. Several of the others may remain in international limbo indefinitely.

The TBVC entities' independent existence ended in 1994 when they were reincorporated into the "new" post-apartheid South Africa in a remarkably peaceful fashion. The main reason for their return to the fold was that their country of origin underwent thorough-going regime

change. This is a rare way of ending contested statehood, made even more exceptional by four related entities doing so simultaneously.

Keywords: apartheid; black homelands; Bophuthatswana; Ciskei; contested states; de facto states; nation building; recognition of states; separate development; state building; Transkei; Venda

1. Inleiding

Suid-Afrika het in 1994 'n ware regime-verandering beleef. Dit het nie bloot 'n verandering van ideologie, beleid en regering behels nie, maar ook van die grondwet, die instellings en ampsbekleërs van die staat, die demografie van die kieserskorps en selfs die politieke geografie van die land. Die territoriale integriteit van Suid-Afrika, soos dit in 1910 beslag gekry het, is in 1994 herstel met die herinlywing van die vier onafhanklike voormalige swart tuislande – Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei – in die “nuwe” Republiek van Suid-Afrika. Die sogenaamde TBVC-state was vir verskillende periodes tussen 1976 en 1994 soewerein onafhanklik ingevolge die Suid-Afrikaanse reg en hul eie wetgewing. Die internasionale gemeenskap het egter deurgaans die vier entiteite se aansprake op staatskap verwerp deur 'n kollektiewe weiering om hulle as state te erken. Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei was, gedurende hul nominaal onafhanklike bestaan, betwiste state. Dis 'n onbenydenswaardige situasie waarin ander aspirantstate hulle ook destyds bevind het en wat verskeie vandag steeds ervaar. Hierdie artikel ondersoek die TBVC-state se betwiste staatskap in die konteks van ander soortgelyke entiteite of lande – iets wat selde indien ooit in die akademiese literatuur verskyn.

2. Die betekenis en voorkoms van betwiste state

Betwiste state is politieke entiteite wie se aansprake op volwaardige staatskap internasionaal betwis word. As gevolg daarvan ervaar hulle beperkte of selfs geen formele internasionale erkenning van hul vermeende staatskap deur bevestigde (of volwaardige) state. Sulke entiteite word algemeen as *de facto-state* bestempel (bv. deur Pegg 1998; Bahcheli, Bartmann en Srebrnik 2004; Lynch 2004; Toomla 2014), wat beteken dat hulle feitelik aan die basiese vereistes van staatskap voldoen maar dat dit nie tot algemene de jure-erkenning lei nie. Hulle word daarom deur bestaande state die geleentheid ontsê om die tipiese regte en verpligtinge wat state onder die internasionale reg het, op te neem. Juis omdat die bestaansreg van die aspirantstate in 'n mindere of meerdere mate deur bevestigde state betwis word, word die begrippe *betwiste state* en *betwiste staatskap* (gebruik deur o.a. Geldenhuys 2009; Ker-Lindsay 2012; Kursani 2021) bo die bekender *de facto-state* verkies. 'n Verdere probleem met die begrip *de facto-state* is dat dit impliseer dat al die betrokke entiteite géén internasionale erkenning van hul staatskap kry nie; van hulle geniet egter wel de jure-erkenning van sommige bevestigde state. Om hierdie rede is dit ook problematies om alle betwiste state eenvoudig as nie-erken (“unrecognised”) te beskou (bv. King 2001; Caspersen 2012; Caspersen en Stansfield 2014; Broers 2013).

Betwiste state is geen nuwe verskynsel in die wêreldpolitiek nie. In die 20ste eeu het verskeie van hulle gekom en gegaan, soos Mantsjoerye (1932–45), Kroasië (1941–4), Katanga (1960–3),

Biafra (1967–70), Oos-Timor (1975), Serwiese Krajina (1991–5), Gagausië (1990–5) en Itsjkeria of Tsjetsnië (1991–2000). Die TBVC-lande hoort ook in hierdie geleedere, maar akademiese ontleders noem hulle baie selde in dieselfde asem as ander voormalige betwiste state wat sedertdien by hul oorspronklike of moederstate heringelyf is.

Onder navorsers is daar uiteenlopende menings oor hoeveel betwiste state tans bestaan (Pegg 2017:22–3). Oor 10 van hulle kan daar egter nie twyfel wees nie, deels omdat hulle almal sedert die vorige eeu in hierdie situasie verkeer. Hulle is (met die aanvangsdatum van betwiste staatskap tussen hakies) die Republiek van China of Taiwan (1949), die Sahrawi Arabiese Demokratiese Republiek of Wes-Sahara, SADR (1976), die Turkse Republiek van Noord-Ciprus (1983), Palestina (1988), Somaliland (1991), Kosowo (1991), Transnistrië (1991), Nagorno Karabakh (1992), Suid-Ossetië (1992) en Abkhasië (1999).

3. Akademiese belangstelling in betwiste state

In die akademiese dissipline van internasionale betrekkinge is daar tot redelik onlangs weinig aandag aan die verskynsel van betwiste state gegee omdat daar so min gevalle was. Sedert die einde van die Koue Oorlog het verskeie nuwe betwiste state ontstaan uit die verbrokkeling van die Sowjet-Unie (Nagorno Karabakh, Suid-Ossetië, Abkhasië en Transnistrië) en Joego-Slawië (Kosowo). Gewelddadige konflikte het met die ontstaan en voortbestaan van al hierdie aspirantstate gepaard gegaan, boonop in Europa en Sentraal-Asië. Weens die bedreigings wat hierdie situasies vir Westerse belange inhou, het die Europese Unie, die Raad van Europa, die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie en ook die VN hulle met die problematiek van betwiste state begin bemoei. Navorsers in internasionale betrekkinge het terselfdertyd ’n nuwe belangstelling in betwiste state in die algemeen (sowel bestaande as historiese gevalle) ontwikkel. Opmerklik, egter, is dat Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei steeds meesal weggelaat word uit vergelykende gevallestudies van betwiste state. Hierdie akademiese afskeping kan waarskynlik aan onkunde oor die bestaan van dié vier nominaal onafhanklike state toegeskryf word, of aan ’n neiging om hulle bloot as produkte van apartheid af te maak en derhalwe as integrale gebiede van Suid-Afrika te beskou eerder as eiesoortige internasionale rolspelers.

Die vestiging van ’n sub-veld in internasionale betrekkinge wat toegespits is op betwiste state hang saam met ’n groeiende korpus akademiese literatuur oor die tema. Die pionierswerk, *International society and the de facto state*, kom uit die pen van Pegg (1998). Hierin lewer hy ’n oortuigende betoog dat betwiste state nie net ritualisties veroordeel moet word oor hul onwettigheid of ten minste illegitimiteit in ’n wêreld van erkende soewereïen onafhanklike state nie, maar dat hulle eerder ernstige en vergelykende akademiese ondersoek verdien. Bykans 20 jaar later publiseer Pegg (2017) ’n uitvoerige bestekopname van die stand van navorsing oor de facto-state. Sy bibliografie noem amper 75 wesenlike akademiese publikasies oor die onderwerp. Sedertdien het verskeie verdere publikasies die lig gesien, geskryf deur Riegl en Doboš (2017); Visoka (2018); Comai (2018); Berg en Ker-Lindsay (2019); en Hoch en Kopeček (2020). Die stigting van die De Facto State Research Unit aan die Universiteit van Tartu in Estland in 2019 is ’n verdere mylpaal in die uitbouing van die studierigting wat sterk steun op insigte uit verwante dissiplines, in besonder die politieke wetenskap en internasionale reg.

Die toenemende navorsing oor betwiste state, tesame met die feit dat ’n tiental van hierdie entiteite reeds meer as twee dekades oorleef – en nie bloot deur bestaande state en multilaterale

organisasies weggewens kan word nie – bevestig dat hulle 'n onderskeibare tipe rolspeler in internasionale betrekkinge verteenwoordig, 'n alternatiewe vorm van politieke organisasie beliggaam, aansienlike onderlinge verskeidenheid vertoon, en ook groter diversiteit in die internasionale stelsel meebring (Pegg 2017:25; Florea 2017:808). Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat betwiste state feitlik deur die bank streef na bevestigde staatskap en dus as volwaardige lede van die gemeenskap van state aanvaar wil word. Betwiste staatskap is vir hulle dus nie 'n finale status nie maar eerder 'n tydelike dog ongewenste fase. Vir sommiges hou die situasie 'n eksistensiële bedreiging in weens die verbete verset teen hul voortbestaan van veral hul moederstate. Nagorno Karabakh en Suid-Ossetië is hedendaagse voorbeelde, terwyl dit vroeër vir onder meer Biafra, Tsjetsjnië en Krajina gegeld het (Pegg 2017:5–7,12).

4. Doel en aard van hierdie artikel

Gegewe die TBVC-lande se afwesigheid in die akademiese literatuur oor betwiste staatskap, is die hoofdoel van hierdie ondersoek om dié vier susterstate te ontleed in die konteks van ander betwiste state en aan die hand van teoretiese insigte wat in onlangse studies van sulke entiteite ontwikkel is. Sodoende kan sommige ooreenkomste en verskille tussen die twee groepe vasgestel word. Al het die ondersoek 'n vergelykende inslag, behels dit nie 'n volwaardige toepassing van die vergelykende metode nie. Die klem val immers op Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei se betwiste staatskap, nié ander aspirantstate s'n nie. 'n Verdere kwalifikasie is dat nie alle aspekte van die TBVC-entiteite se betwiste staatskap in besonderhede bespreek kan word nie weens die beperkte ruimte. Daar word gekonsentreer op die oorsake en internasionale manifestasies van die vier voormalige tuislande se betwiste staatskap; hierdie is inderdaad van die prominentste kwessies in die bestudering van betwiste state. Nogtans reik die huidige ondersoek hopelik wyd genoeg om te bewys dat Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei as groep bydra tot die groot verskeidenheid onder betwiste state in terme van oorsprong, voortbestaan en ondergang. Meer ambisieus word met hierdie bydrae gepoog om die weg te baan vir die insluiting van die TBVC-state as ondersoekwaardige gevalle in toekomstige vergelykende studies van betwiste state wêreldwyd.

Die aard van die artikel is ontledend en beskouend en benut meesal bestaande kennis oor die TBVC-state, maar nou uit die perspektief van betwiste state. Daar word hoofsaaklik gebruik gemaak van sekondêre bronne op die vakgebied van internasionale betrekkinge, meer bepaald die studie van betwiste (of de facto-) state, maar daar word sterk op die internasionale reg gesteun wanneer dit by die definiëring en formele erkenning van staatskap kom.

5. Basiese komponente van die ontledingsraamwerk

Drie elemente van die lewensiklus van betwiste state (Geldenhuys 2009:4) vorm die ontledingsraamwerk vir die artikel. Die eerste is die oorsprong van hierdie state, met ander woorde hoe gebeur dit dat aspirantstate in die dilemma van betwiste staatskap beland? Waarom het hulle geen of net beperkte internasionale erkenning? Voldoen hulle nie aan die basiese vereistes vir staatskap en kollektiewe internasionale erkenning nie?

Die tweede dimensie gaan oor die voortbestaan of oorlewing van sulke lande. Aspekte soos hul binnelandse politiek, ekonomie en buitelandse betrekkinge kom ter sprake. Hoe word hierdie sake deur betwiste state se relatiewe internasionale afsondering beïnvloed? Van besondere belang is betwiste state se internasionale wisselwerking, wat ernstig aan bande gelê word deur hul gebrek aan eksterne erkenning. In akademiese en beleidsgerigte studies oor Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei is weinig aandag aan hul problematiese internasionale betrekkinge gegee.

In die derde plek word gevra hoe entiteite se betwiste staatskap tot 'n einde gekom het (waar dit wel gebeur het) of andersins moontlik beëindig kan word. Die uitgangspunt is, soos genoem, dat betwiste staatskap vir die meeste van hulle 'n ongevraagde, onwelkome, nadelige en selfs gevaarlike situasie is waaruit hulle graag wil kom deur as volwaardige state in die internasionale gemeenskap opgeneem te word.

6. Die lewensiklus van betwiste state

Die drie fases van die lewensiklus van betwiste state handel in kort oor hoe hulle in hierdie situasie beland, hoe hulle dit hanteer en hoe hulle daaruit kan probeer kom. Elk van hierdie komponente van die ontledingsraamwerk word vervolgens verder toegelig en toegepas op betwiste state, met die klem op die TBVC-lande.

6.1 Oorsprong

Om die totstandkoming van betwiste state te verstaan, is dit eerstens nodig (in onderafdeling 6.1.1) om die internasionale reg te raadpleeg oor twee kardinale kwessies: wat is die basiese kriteria vir staatskap en wat het die moderne internasionale reg te sê oor die wyses waarop nuwe state geskep word? Hierdie perspektiewe word dan op vandag se 10 betwiste state toegepas. In die volgende onderafdeling (6.1.2) word die oorsprong van die TBVC-state ondersoek om te bepaal waarom hulle tot betwiste staatskap verdoem is.

6.1.1 Bepalings van die internasionale reg

Die basiese vereistes vir staatskap in die internasionale reg is vervat in die bekende Montevideo Konvensie oor die Regte en Verpligtinge van State (1933). Om as 'n persoon in die internasionale reg te kwalifiseer, behoort 'n staat te beskik oor (a) 'n permanente bevolking, (b) 'n afgebakende grondgebied, (c) 'n regering en (d) die vermoë om betrekkinge met ander state aan te gaan (Dixon 2000:105; Shaw 2008:199–202; Strydom en Gevers 2016:38–41). Benewens hierdie vier minimumvereistes, bewys staatspraktyke dat drie verdere verwante kriteria geld, te wete soewereiniteit, onafhanklikheid en internasionale erkenning.

Soewereiniteit beteken dat 'n staat se grondwet nie deel van 'n breër konstitusionele bedeling vorm nie en die staat dus oor die eksklusiewe reg beskik om die aard van sy instellings te bepaal, hul funksionering te beheer en wette van sy eie keuse te maak (James 1986:24–5,266; Mugerwa 1968:253). Hierdie regstatus word soms as interne soewereiniteit of konstitusionele onafhanklikheid beskou. Die ander element van onafhanklikheid, wat ook eksterne soewereiniteit genoem kan word, verwys na die reg van 'n staat om sy verhoudinge met ander state of entiteite vrylik te bepaal sonder beperkinge of beheer deur 'n ander staat (Mugerwa 1968:253).

Daar kan tussen de facto- en de jure-erkenning van staatskap onderskei word. Eersgenoemde kan toegeken word wanneer 'n erkennende staat oordeel dat 'n aspirantstaat aan sommige maar nie al die Montevideo-kriteria voldoen nie, of as die erkennende staat onwillig is om aan die aspirant al die regte en verpligtinge te gun wat uit de jure-erkenning spruit. Sodanige feitelike erkenning is voorlopig en kan teruggetrek word (Kurtulus 2005:125). De jure- of wetlike erkenning, wat nie herroep kan word nie, word gegee wanneer 'n entiteit aan al die basiese vereistes vir staatskap voldoen en doeltreffende beheer oor elke aspek kan uitoefen. Sulke volwaardige erkenning kan beduidende juridiese, politieke en materiële voordele vir die betrokke staat inhou, soos byvoorbeeld diplomatieke betrekkinge met ander state, deelname aan multilaterale konferensies en verdrae, en lidmaatskap van internasionale organisasies (Crawford 1979:23). Die weerhouding van de jure-erkenning ontsê die aspirantstaat hierdie voordele. Dis ook belangrik om kennis te neem van die kollektiewe erkenning van staatskap, wat plaasvind wanneer 'n staat toegelaat word tot multilaterale organisasies. Lidmaatskap van die VN is die vernaamste hiervan (Crawford 1979:129). Sodanige kollektiewe de jure-erkenning kan bestempel word as die “geboortesertifikaat” van 'n staat (Dixon 2000:119; Allen 2000:202). Dit bevestig ook die toepaslikheid van die konstituerende teorie van staatserkenning, waarvolgens 'n entiteit wat aan die basiese (Montevideo) vereistes vir staatskap voldoen “[...] is not a state and thus not a member of the international community until it is ‘constituted’ as such through the actions of other members of the international community recognizing it as a state”. Sonder sulke erkenning is 'n entiteit dus nie 'n bevestigde staat nie en kan ook nie 'n internasionale regs persoonlikheid hê nie (Shearer 2000:113). Omgekeerd moet ook ag geslaan word op kollektiewe nie-erkenning (Caspersen 2019:231–40; Fabry 2012:661–76). Die VN het byvoorbeeld destyds geweier om Katanga, Biafra en Rhodesië te erken. Voorts moet beklemtoon word dat die toekenning of weerhouding van erkenning deur bestaande state, of hulle individueel of gesamentlik optree, hoofsaaklik 'n politieke handeling is en 'n kwessie van diskresie eerder as verpligting (Fawcett 1968:41).

'n Gebrek aan internasionale erkenning beteken nie noodwendig die algehele afwesigheid van de jure-erkenning nie. Onder vandag se 10 betwiste state is slegs Somaliland in die kategorie van zero erkenning. Vantevore was Rhodesië en Katanga in hierdie bootjie. 'n Volgende (teoretiese) kategorie kan as eweknie-erkenning tipeer word, wanneer sommige betwiste state net mekaar se staatskap erken. Volgende op die spektrum is erkenning van 'n betwiste staat deur slegs sy skepper- of begunstigerstaat (“patron state”), soos in die geval van die Turkse Republiek van Noord-Ciprus wat slegs deur Turkye erken word. Abkhasië en Suid-Osetië is ook in hierdie geledere, want hulle word net deur Rusland erken, naas hul onderlinge erkenning. ('n Begunstiger-kliënt-verhouding word in onderafdeling 6.2 verduidelik.) In die vierde plek word beskeie erkenning aangetref, wanneer 'n betwiste staat deur slegs 'n handvol bevestigde state amptelik erken word; Biafra is in die 1960's deur vyf state erken. Gedeeltelike erkenning verwys na die de jure-erkenning van 'n betwiste staat deur 'n aantal bestaande state maar steeds uitsluiting uit die VN. So word Taiwan vandag deur slegs 15 meesal onbeduidende klein state (insluitend die Vatikaan) erken as die Republiek van China (Countries that recognize Taiwan 2021), teenoor die Republiek van Kosowo wat in 2020 deur 98 VN-lidstate (51% van die totaal) erken is as staat (Countries that recognize Kosovo 2020). Laastens is daar titulêre erkenning, wat beteken dat 'n betwiste staat se reg op staatskap wyd erken word, soos in die geval van Palestina en die Sahrawi Arabiese Demokratiese Republiek, selfs al word die entiteite deur eksterne magte (Israel in die geval van Palestina en Marokko ten opsigte van Wes-Sahara) verhinder om die interne regte en verpligtinge van state behoorlik uit te oefen. Die Sahrawi Arabiese Demokratiese Republiek het selfs lidmaatskap van die Afrika Unie

terwyl Palestina lid is van die Arabiese Bond en ook waarnemerstatus in die VN geniet, maar nie een van die twee is volwaardige lede van die VN nie (Geldenhuis 2009:25–6).

Omtrent alle betwiste state geniet 'n mate van de facto-erkenning deurdat bevestigde state in wisselwerking met hulle tree sonder om hulle de jure te erken – dis die benadering van “engagement without recognition” of “informal engagement”. Die konseptualisering en praktiese toepassing van betrokkenheid sonder erkenning het in onlangse jare heelwat aandag gekry in die studie van betwiste state (soos in onderafdeling 6.2 aangedui sal word).

Die meeste van vandag se betwiste state voldoen aan die basiese formele vereistes vir staatskap in die internasionale reg behalwe vir kollektiewe de jure-erkenning en VN-lidmaatskap, hulle aspireer na volwaardige staatskap deur sodanige erkenning en hulle tree in vele opsigte soos tipiese state op (Geldenhuis 2009:26). Waarom word hulle dan algemene erkenning ontsê?

'n Belangrike rede is die oorsprong van die problematiese aspirantstate. Die internasionale gemeenskap staan lank reeds erg afwysend teenoor sesessie as 'n roete tot staatskap omdat dit neerkom op die territoriale fragmentasie van 'n bestaande staat deur die eensydige optrede van 'n gebied of groep in daardie staat en teen die bepalinge van die grondwet en die uitdruklike wense van die sentrale regering. Sodanige afskeiding en die vorming van 'n nuwe wegbreekstaat gaan tipies gepaard met geweld tussen die wegbrekers en die oorspronklike staat wat die afskeiding probeer verhoed of ongedaan maak. Die internasionale reg erken geen reg op sesessie nie; intendeel, die tradisionele veronderstelling teen sesessie geld steeds sterk (Crawford 2002:233; Crawford 1979:24). In die praktyk is bestaande state meesal onwillig om nuwe state gebore uit sesessie te ondersteun of erken indien die moederstaat teen die afstigting gekant was en bly (Crawford 1997:5,17–21). Toepaslike voorbeelde is Abkhasië en Suid-Ossetië wat wegbreek het van Georgië, Nagorno Karabakh van Azerbaidjan, Transnistrië van Moldowa, Kosovo van Serwië en Somaliland van Somalië. Vroeër het sowel Katanga as Biafra deur sesessie tot stand gekom: eersgenoemde het eensydig van die nuwe Republiek van die Kongo afgeskei en laasgenoemde van Nigerië.

'n Internasionaal aanvaarbare alternatief vir staatskepping deur sesessie is om die roete van partisie te volg. Dit beteken dat territoriale fragmentasie meesal vreedsaam by wyse van onderhandeling en ooreenkoms tussen die betrokke partye plaasvind. De jure- internasionale erkenning van state gebore uit partisie is gewoonlik onomstrede. Voorbeelde sluit in Tsjeggië en Slowakye se “fluweelskeiding” (1993) en Montenegro se losmaking van Serwië (2006).

Benewens die afwysing van sesessie as 'n wyse van staatskepping, is daar ook ander oorspronge van staatskap wat indruis teen die internasionale reg. Dit gaan hier om die skending van beslissende (jus cogens) norme van die internasionale reg. Veral drie sulke norme is ter sprake: die sistematiese verbreking van menseregte, die ontkenning van selfbeskikking en die pleeg van aggressie oftewel die onwettige gebruik van geweld (Dugard 1994:74–5). Wanneer 'n staat se oorsprong wesenlik onwettig is in die internasionale reg, kan dit as regverdiging dien vir die nie-erkenning van sodanige entiteit (Crawford 1979:57–8). Voorbeelde van state gebore uit aggressiewe optrede deur hul skepper, opgevolg deur besetting, is Mantsjoerye (1932–45, met Japan as skepper), Kroasië (1941–4, 'n produk van Duitse aggressie) en die hedendaagse Turkse Republiek van Noord-Ciprus (Turkye). Rassediskriminasie word uitdruklik deur die internasionale reg verbied en daarom is state wat uit so 'n beleid gebore is eenvoudig onwettig. Dit geld die TBVC-state asook Rhodesië wat in 1965 eensydig onafhanklik geword het.

Laasgenoemde vyf entiteite is ook tot betwiste staatskap verdoem omdat hulle die internasionale regsbeginsel van selfbeskikking geskend het (Dixon 2000:111; Shaw 2003:182).

'n Aspirant-staat kan ook internasionaal die wind van voor kry indien 'n bevestigde staat kragtens die internasionale reg aanspraak maak om die nuwe entiteit te regeer. Dis presies wat die Chinese Volksrepubliek teenoor die Republiek van China op Taiwan aanvoer. Laasgenoemde is inderdaad die laaste klein oorblyfsel van die Nasionalisties-regeerde Republiek van China op die vasteland wat in 1949 deur die kommunistiese revolusie omvergewerp is. Beijing se aandrang op Taiwan se (her)inlywing by China, sy verwerping van die bestaansreg van die Republiek van China op Taiwan en die dwang wat hy op ander state uitoefen om geen amptelike bande met Taiwan te hê nie, maak van Taiwan 'n betwiste staat (Geldenhuys 2009:15).

Wat die oorsprong van die oorblywende entiteite in die groep van 10 bestaande betwiste state betref, het Palestina, bestaande uit die Gazastrook en die Wesoeer van die Jordaanrivier, homself eensydig onafhanklik verklaar as 'n Palestynse staat. Die Sahrawi Arabiese Demokratiese Republiek is gebore uit 'n daad van self-dekolonisering van Wes-Sahara, maar Marokko het die grootste gedeelte van die oud-kolonie van Spanje beset en geannekseer. Rhodesië het ook deels self-dekolonisering verteenwoordig deurdat die kolonie homself eensydig van Britse beheer losgemaak het.

In die voorafgaande bespreking van die oorsprong van betwiste state, is gewag gemaak van 'n aantal ander sleutelrolspelers in die politiek van sulke entiteite. *Moederstate* verwys na die oorspronklike state waaruit betwiste state ontstaan het, of minstens daarop aanspraak maak dat hulle regmatige “ouerskap” oor 'n “telg” het. So is Georgië die moederstaat van Suid-Ossetië en Abkhasië, Somalië van Somaliland, China van Taiwan en Marokko die selfaangestelde moederstaat van Wes-Sahara. 'n Moederstaat (of 'n ander eksterne staat) kan terselfdertyd as vetostaat optree deur haar afvallige telg se pogings om internasionaal aanvaar te word, effektief te veto. Die beste voorbeeld is China, wat met beduidende welslae daarin slaag om die Republiek van China se eksterne betrekkinge te beperk. Die Republiek van Ciprus, bedoelend die suidelike gedeelte van die eiland onder Griekse beheer, probeer ook om as vetostaat teenoor die Turkse Republiek in die noorde op te tree. In hierdie gevalle kan gepraat word van kwaadwillige, wraaksugtige of selfs vyandige moederstate, beskou uit die perspektief van die betrokke betwiste state. 'n Begunstigerstaat bied tipies aan sy kliëntstate fisieke beskerming, materiële hulp en politieke en morele ondersteuning (*Nuwerwetse politieke woordeboek* 2002). Betwiste state wat in so 'n verhouding met derde partye staan, sluit in Abkhasië teenoor Rusland, Nagorno Karabakh teenoor Armenië en Noord-Ciprus teenoor Turkye (Pegg 2017:8).

6.1.2 Die oorsprong van die TBVC-state

Die Britse koloniale owerheid het in die 19de eeu sogenaamde naturelle-gebiede in die latere Oos-Kaap en Natal afgebaken en voorsiening gemaak vir plaaslike self-administrasie deur die inwoners (Venter 1985:3–5; Gratjios 1982:74; Marala 1984:114). Die interkoloniale naturellesake-kommissie (Langdon-kommissie), wat in 1903 deur die Britse heersers aangewys is, het territoriale segregasie verder probeer voer met die aanbeveling dat “[...] the lands dedicated and set apart, as locations, reserves or otherwise, should be defined, delimited and reserved for Natives by legislative enactment” (aangehaal deur Gratjios 1982:72). Die Wet op Naturellegrondgebied, wat drie jaar na uniewording deur die Suid-Afrikaanse parlement goedgekeur is, was 'n uitvloeisel van die Langdon-kommissie se voorstelle. Die maatreël het bepaal dat bestaande swart “reservate” (10,4 miljoen morg of 7,3% van die nasionale

grondgebied) opsygesit moet word vir uitsluitlike besit en besetting deur swart mense; daarbuite kon hulle slegs met amptelike toestemming grond koop (Gratjios 1982:74; Klein 2000:477; Welsh 2009:31). Die Wet op Naturellegronde en trust, 1936, het voorsiening gemaak vir die vergroting van die swart reservate (met 'n verdere 8,3 miljoen morg) tot 13,7% van Suid-Afrika se totale grondgebied (Scher 2012a:264–5; Giliomee 2012a:105). Voor 1948 het opeenvolgende regerings hierdie reservate bloot “[...] as 'n bykomende deel van die landsadministrasie beskou” (Giliomee 2012c:432) en is bloedweinig gedoen om hulle ekonomies te ontwikkel om 'n heenkome vir hul groeiende bevolkings te bied (Scholtz 1974a:241).

In 1948 breek 'n nuwe era vir die swart reservate aan. In sy manifest vir die algemene verkiesing van 1948 onderneem die Nasionale Party (NP) om, indien hy aan bewind kom, die reservate genoegsaam te ontwikkel om as “die ware vaderland” van die “naturelle” te dien (Scholtz 1974a:241). Dit sou deel vorm van die party se beleid van apartheid, aangebied as “die waarborg vir rassevrede” in Suid-Afrika (Giliomee 2012a:34). As regering het die NP ook gesagstrukture in die reservate, later amptelik tot tuislande herdoop, gevestig. Die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, magtig stam-, streeks- en territoriale owerhede in dié gebiede, gebou op tradisionele stamregerings. Dr H.F. Verwoerd, minister van naturellesake, het verduidelik dat swartes in hul eie gebiede mettertyd “volle selfbestuur” kon kry en dat die tuislande (eerder as sogenaamde wit gebiede) ook as fokuspunkte moes dien vir die politieke aspirasies van stedelike swartes. Die politieke ontwikkeling van die swart gebiede moes volgens Verwoerd geskied onder blanke voogdyskap. Hy het die moontlikheid van “verspreide staatjies” verwerp omdat die tuislande ekonomies van Suid-Afrika afhanklik sou bly (Scholtz 1974a:237; Giliomee 2012a:64; Venter 1985:6).

In 1959 volg die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur. Dit het die statutêre grondslag gelê vir afsonderlike of parallelle ontwikkeling en uiteindelik onafhanklike swart tuislande – én, onbedoeld, betwiste state. In die aanhef tot die wet word verklaar dat die Bantoebevolking van Suid-Afrika nie 'n homogene groep verteenwoordig nie, maar bestaan uit agt onderskeibare nasionale eenhede op grond van taal en kultuur: Xhosa, Zoeloe, Tswana, Venda, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Swazi en Tsonga. Elkeen van hulle sou mettertyd selfregerend in hul onderskeie geografiese tuislande word (Davenport 1977:282–3; Hill 1964:7–19; Beinart en Dubow 1995). Verwoerd, toe eerste minister, het in die vooruitsig gestel dat hierdie etniese tuislande uiteindelik onafhanklike state kon word indien dit binne hul bevolkings se vermoë was om tot so 'n hoë peil te ontwikkel (Scholtz 1974b:135–6). Dit was 'n radikale afwyking van sy verwerping in 1951 van die territoriale fragmentasie van Suid-Afrika in wit en swart state.

Terwyl die tuislande voorberei word vir selfregering, volgens 'n witskrif van 1959, was daar geen rede om hulle te laat deelneem aan die sentrale regering van Suid-Afrika nie (Dugard 1978:90–1). Afsonderlike ontwikkeling het juis ten doel gehad dat hierdie entiteite afsonderlik van die regeerstrukture van blanke Suid-Afrika moes ontwikkel. In plaas van verteenwoordiging in die parlement, skep die regering “[...] 'n bestuurskans vir die Bantoe in hul eie gebiede” (Scholtz 1974b:136). Daarmee saam moes stedelike swart mense in wit gebiede, waar hulle geen permanente verblyfreg gehad het nie, politieke regte uitoefen in tuislande waaraan hulle volgens etnisiteit of volksverbondenheid gekoppel is (Scher 2012b:335–6; Pelzer 1964:639). Wat meer is, die argitekte van afsonderlike ontwikkeling het aanvaar dat verstedelike swartes mettertyd na hul aangewese tuislande sou terugkeer. Volgens 'n demografiese projeksie wat Verwoerd reeds in 1956 (toe minister van naturellesake) onderskryf het, sou daar in die jaar 2000 sowat 6,5 miljoen swartes in “blanke gebied” wees, waarvan 4 miljoen hulself “heel

waarskynlik” op die platteland sou bevind. Volgens hierdie vooruitskating sou daar teen 2000 ongeveer 6 miljoen blankes in Suid-Afrika wees en sodoende ’n demografiese balans met swartes bewerkstellig. Verwoerd het die 6,5 miljoen swart werkers vergelyk met Europese gasarbeiders wat “vir hulle eie voorspoedsontwil” elders werk, maar nie op die regte van die plaaslike bevolking aanspraak kan maak nie (Pelzer 1964:111–12; Welsh 2009:59–60; Scholtz 2016:115). In 1959 het Verwoerd bekend gemaak dat swartes in blanke gebiede wel “beperkte selfbestuur” onder die voogdyskap van blanke munisipaliteite sou verkry (Pelzer 1964:258, 639).

Ter verdediging van sy sogenaamde nuwe visie vir die tuislande, het Verwoerd onder meer aangevoer dat sy regering rekening moes hou “[...] met die strominge in die wêreld en in Afrika” (aangehaal deur Scholtz 1974b:135), soos die wêreldmening, nuwe beskouings oor menseregte, Brittanje se latere ontvoogding van sy drie hoëkommissarisgebiede in Suider-Afrika, en die gesindhede van “ons nie-blankes” (aangehaal deur Scholtz 1974b:155; Pelzer 1964:636; Welsh 2009:68). Die regerende party was ook oortuig dat swart mense ’n alternatiewe vorm van politieke verteenwoordiging en deelname moes kry vir hul uitsluiting uit die sentrale parlement en dat hulle ook nie onbepaald aan rassediskriminasie onderwerp kan word nie (Giliomee 2012b:432; Scholtz 1974b:136,162). Die kombinasie van interne en eksterne oorwegings blyk uit die volgende uitspraak van Verwoerd (1959): “Ons moet sorg dat die buitewêreld besef, en dat die Bantoe besef, dat hier ’n nuwe tydperk ontstaan, ’n tydperk waarin die blanke wegkom van diskriminasie teenoor die Bantoe wat sy eie gebiede betref; dat hy hom plaas op die eerste stap van volle ontwikkeling” (aangehaal deur Scholtz 1974b:136). Twee jaar later erken Verwoerd dat hy “[...] nie voorsien het dat binne tien jaar die posisie in Afrika en in die wêreld en in die binneland dit sou meebring dat hierdie stappe [Bantoeselfbestuur in die tuislande] nou al sou moes geneem word nie” (aangehaal deur Scholtz 1974b:134). In dieselfde trant, ook in 1961, het Verwoerd toegegee dat die ontwikkeling van “aparte Bantoeestate” neerkom op “[...] ’n vorm van verbroekeling wat ons nie graag sou wou gehad het as dit binne ons beheer was om so iets te vermy nie”. In die lig van wat hy genoem het “[...] die magte wat toesak op Suid-Afrika”, had sy regering geen ander keuse nie as om hierdie koers in te slaan ten einde “[...] vir die blanke sy vryheid uit te koop en die reg om die heerskappy te behou oor wat sy landsgebied is, deur sy voorvaders vir hom beset” (aangehaal deur Scholtz 1974b:155).

Die ontvoogding van die tuislande, wat Verwoerd en verskeie kommentators as ’n vorm van interne dekolonisasie beskou het (Dugard 1987:99; Dugard 1994:78; Venter 1985:15; Wiechers 1981:502), het ’n stewige dosis paternalisme en idealisme bevat. In 1959 verduidelik Verwoerd die wetsontwerp op Bantoeselfbestuur as “[...] die begin van ’n emansipasiebeweging ten opsigte van wat op bestuursgebied nog agterlike volkere is”. Die “voog” (die blanke regering) neem die leiding hierin “[...] en dan kan ’n mens sy beskermlinge tot steeds groter selfbestuur opvoed”. Volgens hom was dit wat Brittanje op daardie stadium gedoen het met sy “vrymakingsproses” in Basoetoland (aangehaal deur Pelzer 1964:259–60). In dieselfde idioom verklaar Verwoerd in 1963 dat dit die blankes se plig is om die swartes voor te berei op politieke onafhanklikheid in die tuislande. Deur ’n fundamentele opvoeding van die massas in hoe om hul eie lande te regeer, sal demokrasie aldaar verseker en diktatorskappe vermy word, het hy verkondig (Scholtz 1974b:162–3). Die ontwikkeling van Bantoebeheer sou ook “[...] in so ’n gees en op so ’n wyse” plaasvind dat vriendskap tussen wit en swart moontlik sal bly, het Verwoerd geglo (aangehaal deur Pelzer 1964:275).

Vir Verwoerd was die tuislandbeleid voorts die enigste manier om wit beheer in die res van Suid-Afrika te verseker. “Die keuse is nie of daar Bantoe state sal wees waar die Bantoe hul regte sal hê nie”, het hy in 1959 aangevoer; “die keuse is of die hele Suid-Afrika deur die Bantoe, wat die meerderheid is, geregeer sal word of nie” (aangehaal deur Scholtz 1974b:135). Daarom sy onbeskaamde keuse dat “[...] ek liever op die ou end sit met ’n kleiner staat in Suid-Afrika wat blank is [...] en wat sal staan as ’n bolwerk vir die blanke beskawing” eerder as ’n groter staat onder “Bantoe-oorheersing” (aangehaal deur Scholtz 1974b:138), oftewel “een Bantoe state van die hele Suid-Afrika” (aangehaal deur Scholtz 1974b:138). Dit het dus beteken, om Verwoerd weer aan te haal: “[...] in ons land, die blanke Suid-Afrika, sal ons baas bly” (aangehaal deur Scholtz 1974b:140). In laasgenoemde uitlatings kom twee kerntemas van afsonderlike ontwikkeling ter sprake: grond en getalle.

Wat grond betref, is reeds verwys na die toewysing van minder as 14% van die landsoppervlakte aan die meesal landelike tuislande en die oorblywende 86%, insluitend al die groot stede en nywerheidsentra, aan die blankes (en kleurlinge en Indiërs). Verwoerd se verweer: “Ons wil nie die land verdeel nie; die geskiedenis het hom verdeel” (aangehaal deur Scholtz 1974b:140), kon nouliks die morele argument oor die skreiend ongelyke partisie neutraliseer.

Volgens Verwoerd moes alles moontlik gedoen word om te verseker dat swartes nie ’n getalle-oorwig in sogenaamde wit Suid-Afrika (waarby hy kleurlinge ingesluit het) verkry nie. Sy motivering was dat politieke leierskap in ’n demokrasie nie deur vroom woorde behou word nie maar deur getalle bepaal word (Geldenhuis 1981:14). Daarom was een van apartheid se vernaamste doelwitte “[...] to abort the urbanisation revolution among Africans”, in Welsh (2009:212) se woorde. Swartes is beskou as bloot tydelike werkers in wit Suid-Afrika en moes weldra na hul tuislande terugkeer waar hulle boonop politieke en burgerlike regte kon uitoefen. Verwoerd het gemeen dat teen die jaar 1978 die toestroming van swartes na wit gebiede omgekeer sou word, deels danksy ekonomiese ontwikkeling en werkskepping in die tuislande (Scholtz 2016:121; Giliomee 2012a:63). Intussen is twee ander hoogs omstrede meganismes van staatskant gebruik om die getal swartes in die wit gebiede te beperk, te wete instromingsbeheer en die gedwonge massa-hervestiging van swartes in die tuislande (Du Pisani 2012:351–2).

Verwoerd het erken dat afsonderlike ontwikkeling part en deel van die groter projek van rasseseëding was, wat hy voorgedra het as differensiasie en nie diskriminasie nie (Scholtz 1974b:162). In 1965 bevestig hy pertinent dat solank die NP regeer “[...] sal skeëding op politieke, sosiale en op alle ander terreine groter word” en “gemengdheid” tussen rasse dinooreenkomstig stelselmatig uitgeskakel word (aangehaal deur Scholtz 1974b:162). Slegs dan, aldus Verwoerd, sal die blanke hom “[...] in die onbeperkte toekomst kan handhaaf as die politieke heerser van Suid-Afrika” (aangehaal deur Scholtz 1974b:161).

Gedurende die 1960’s is aansienlike vordering gemaak met die ontwikkeling van die drie vlakke van swart bestuur soos voorsien in die wet van 1951. In 1963 word Transkei verhef tot die status van selfregering, soos vervat in die konstitusie van Transkei wat in daardie jaar deur die Suid-Afrikaanse parlement aanvaar is (wet 48). Transkei het onder meer ’n eie vlag, volkslied en amptelike taal gekry en burgerskap is aan swart Transkeiers toegeken (alhoewel hulle kragtens die internasionale reg steeds Suid-Afrikaanse nasionaliteit behou het). Hierdie grondwet, wat van krag gebly het totdat Transkei in 1976 onafhanklik geword het, het as model gedien vir ander selfregerende tuislande se grondwette. Die Wet op Bantoe tuisland-grondwette, 1971, het voorsiening gemaak vir die verlening van grondwette, soortgelyk aan wat in 1963

aan Transkei toegeken is, aan ander tuislande. Sedert 1971 is selfregerende status toegeken aan Bophuthatswana, Ciskei ('n tweede Xhosa-tuisland naas Transkei), Lebowa, Venda, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KwaNdebele en KaNgwane (Dugard 1978:91–3; Dugard 1994:78; Marala 1984:115–7; Wiechers 1981:508–12).

Die volgende belangrike statuut was die Wet op die Burgerskap van Bantoetuislande, 1970. Hiervolgens sou elke swart persoon 'n “burger” van 'n selfregerende tuisland word waaraan hy of sy deur geboorte, verblyf of kulturele affiniteit gekoppel is. Hierdie maatreël het vir die grootskaalse denaturalisasie van swart mense voorsiening gemaak deur te bepaal dat swartes hul Suid-Afrikaanse burgerskap verloor sodra hul toegesegde tuisland onafhanklik word. Meer as 8 miljoen mense is só geraak met die onafhanklikwording van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (Welsh 2009:70; Venter 1985:11).

Die laaste fase in die proses van ontvoogding was die verlening van onafhanklikheid aan Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei ingevolge die Suid-Afrikaanse staatsreg. So verklaar die Wet op die Status van Transkei, 1976, dat “[...] the territory known as the Transkei [...] is hereby declared to be a sovereign and independent State and shall cease to be part of the Republic of South Africa”. 'n Besonder omstrede bepaling van hierdie Suid-Afrikaanse statuut, wat voortspruit uit die Bantoetuislande-burgerskapswet van 1970, is dat swart persone wat in Transkei gebore is of direkte afstammeling van Transkeiers is of kulturele of linguistiese bande met Transkei het, nie langer Suid-Afrikaanse burgers is nie maar burgers van Transkei. Dieselfde gevolge het natuurlik gespruit uit die Suid-Afrikaanse parlement se aanvaarding van soortgelyke statute met die onafhanklikwording van Bophuthatswana (1977), Venda (1979) en Ciskei (1981) onderskeidelik (Dugard 1978:94; Dugard 1987:99).

Teen bostaande agtergrond kan die vernaamste regs- en politieke besware teen die TBVC-entiteite se staatskap vervolgens aangeteken word. Dis nie nodig om die meriete van die besware hier te beoordeel nie; ter sake is dat hierdie argumente inderdaad destyds deur regerings, multilaterale organisasies (vernaamlik die VN se Algemene Vergadering en Veiligheidsraad, die Organisasie vir Afrika-eenheid en die Statebond) en regslui gebruik is om die blote bestaansreg van die vier aspirantstate te verwerp.

Die eerste was dat Suid-Afrika se toekenning van onafhanklikheid aan voormalige tuislande 'n skending was van die verbod op die territoriale fragmentasie van selfbeskikkingseenhede, soos vervat in die VN se Deklarasie oor die Toekenning van Onafhanklikheid aan Koloniale Gebiede en Bevolking, 1960 en die Deklarasie oor die Beginsels van die Internasionale Reg met betrekking tot Vriendskaplike Verhoudinge en Samewerking tussen State ooreenkomstig die Handves van die Verenigde Nasies, 1970. Die entiteit wat volgens hierdie argument geregtig was op selfbeskikking was die hele Suid-Afrika met al sy inwoners, nie bloot sekere gebiede en bepaalde groepe nie. Voorts is die erkenning en beskerming van state se gebiedsintegriteit 'n beginsel van die moderne internasionale reg. Die onskendbaarheid van oorgeërfde koloniale grense is danksy veral Afrikastate tot so 'n beginsel verhef (Dugard 1987:104; Shaw 2008:526; Richardson 1978:217; Norman 1977:585–646). Al was Suid-Afrika as soewereine staat daarop geregtig om dele van sy grondgebied onder die internasionale reg te vervreem (Shaw 2008:203), het sy koloniale verlede en ligging in Afrika veroorsaak dat hierdie tradisionele reël deur die internasionale gemeenskap ondergeskik gestel is aan die nuwe beginsel oor die behoud van ou koloniale grense in Afrika.

Die tweede aanklag het gelui dat apartheid 'n onwettige beleid en praktyk onder die internasionale reg was (Shaw 2008:203). Apartheid is wyd veroordeel deur die internasionale gemeenskap as teenstrydig met die handves van die VN en basiese beginsels van die internasionale reg. 'n Klinkklare voorbeeld is die VN se Internasionale Konvensie oor die Onderdrukking en Bestraffing van die Misdaad van Apartheid, 1973, waarin apartheid pertinent tot 'n misdaad teen die mensheid verklaar is (Dugard 1987:107; Dugard 1994:80–1). Vandaar dat Norman (1977:614–8) na 'n onafhanklike Transkei verwys het as “South Africa’s illegitimate child”. Dieselfde kon van die drie latere susterstate gesê word: Hulle was die produkte van 'n onwettige beleid en kon daarom op regsgronde nie as state erken word nie.

Die derde en verbandhoudende regsbeswaar was dat die bevolking van Suid-Afrika nie toegelaat is om vrylik hul politieke status te bepaal nie, soos vereis deur die VN se Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Politieke Regte, 1966. Alhoewel die kwessie van onafhanklikheid in tuislandverkiesings ter sprake gekom het, is nóg die bevolking van Suid-Afrika as geheel nóg die mense van die aparte tuislande ooit die geleentheid gebied om hul politieke regte in “groter” Suid-Afrika uit te oefen (Streek en Wicksteed 1981:13–7; Dugard 1987:105; Dugard 1994:80). Die hele projek van onafhanklike swart tuislande wat uit die Republiek gesny is, is eensydig deur wit Suid-Afrikaanse regerings bedink en die swart bevolking is met 'n fait accompli gekonfronteer. Dit was nie volwaardige partisie in die sin van 'n onderhandelde, wedersyds aanvaarbare ooreenkoms nie. Die swart bevolking het ewe min inspraak gehad in die vasstelling van die grense van die tuislande, in besluite dat al die swart tuislande 'n etniese basis sou hê en dat alle swartes in Suid-Afrika op grond van etnisiteit aan tuislande gekoppel sou word vir die uitoefening van politieke regte en verkryging van burgerskap. Die keuse voorgehou aan mense wat volgens wet met tuislande geassosieer is, was om politieke regte óf in daardie entiteite te bekom óf glad nie (Dugard 1987:105). Soos Welsh (2009:132) tereg aanvoer, kan tuislande se besluite om onafhanklikheid te aanvaar, nouliks beskou word as 'n uitdrukking van die wil van die inwoners van hierdie entiteite. Anders gestel, die skep van onafhanklike tuislande het die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel se internasionale reg op selfbeskikking geskend (Norman 1977:622–9; Crawford 1979:225–6; Harvey en Dean 1978:189–220; Richardson 1978:217; Klein 2000:479). Hierdie beswaar het verdere geloofwaardigheid gekry deur die ANC se verwerping van die tuislandbeleid. Albert Luthuli, leier van die organisasie, het in reaksie op die 1959-wet gesê dat die regering nie met swartes oor die maatreël gekonsulteer het nie, maar soos gewoonlik eensydig besluit het wat goed is vir swartes se welsyn en vooruitgang. “The African people did not want partition or separation in South Africa”, het hy bygevoeg (aangehaal deur Scholtz 2016:125).

Afsonderlike ontwikkeling is nie deur die internasionale gemeenskap as 'n nuwe progressiewe wending in Suid-Afrika se rassebeleid beskou nie. Kritici het, in die vierde plek, aangevoer dat afsonderlike ontwikkeling en die skep van swart tuislande ten doel gehad het om alle swart mense in Suid-Afrika burgers van een of ander tuisland te maak en so hul aanspraak op Suid-Afrikaanse burgerskap uit te skakel. Onafhanklike tuislande en die denasionalisering van die swart meerderheid is dus gebruik as regverdiging vir die weiering om politieke en burgerlike regte in Suid-Afrika self aan hulle toe te ken (Streek en Wicksteed 1981:149). In 1978 het die minister van plurale betrekkinge (voorheen Bantoe-administrasie en ontwikkeling), dr Connie Mulder, prontuit verklaar dat daar nie meer swart Suid-Afrikaners sou wees nadat al tien tuislande onafhanklik geword het nie (Giliomee 2012b:400). Gedwonge denasionalisering op grond van ras was volgens Dugard (1987:106–7) 'n oortreding van die internasionale reg en een van die vernaamste redes vir die internasionale nie-erkenning van die TBVC-state se onafhanklikheid.

'n Vyfde en verwante politieke argument was dat territoriale fragmentasie en etniese skeiding 'n berekende poging deur die wit minderheid was om die swart meerderheid te verdeel en so oor hulle te heers (Scher 2012b:336; Welsh 2009:133–4). Kritici het ook die etiket van interne kolonialisme of neo-kolonialisme gebruik vir hierdie vermeende vergryp (Carter, Karis en Stultz 1967; Geldenhuys 1981:8–10).

Die sesde beswaar was dat die toekenning van onafhanklikheid aan tuislande weliswaar vir die inwoners van die betrokke gebiede kon “bevry” van aspekte van apartheid, maar terselfdertyd het dit 'n verskoning gebied vir die ontsegging van politieke regte aan swart mense in 'n gedeelde samelewing en sodoende die voortsetting van apartheid geregverdig (Harvey en Dean 1978:216; Dugard 1994:80–1; Welsh 2009:70). Voeg hierby dat TBVC-burgers wat in Suid-Afrika gewoon en gewerk het of slegs daar op besoek was, steeds aan apartheidswette en -praktyke onderwerp is (Dugard 2012:314). Van die berugste apartheidsmatreëls veral teen swartes gemik, was instromingsbeheer en gedwonge hervestiging. Weens die koppeling van hierdie praktyke aan die tuislandbeleid, is laasgenoemde nasionaal (ten minste onder die swart meerderheid) en internasionaal verder gediskrediteer (Scholtz 2016:122–3; Welsh 2009:60–1,71,326; Richardson 1978:186).

Die mate van bevryding van apartheid wat die onafhanklike tuislande meegebring het, is in die oë van kritici genegeer deur ander rolle wat hierdie entiteite gespeel het. Hulle het gedien as “reservoirs van goedkoop swart arbeid vir die apartheidseconomie en stortingsterreine vir die swart surplusbevolking”, in Du Pisani (2012:352) se woorde. Die stand van hul politieke ekonomie verteenwoordig 'n sewende aanklag teen die voormalige tuislande se staatskap (Welsh 2009:70; Streek en Wicksteed 1981:148–68; Geldenhuys 1981:16).

Kritici het, in die agste plek, gewag gemaak van die ongelyke verdeling van grond tussen die wit minderheid en swart meerderheid. Al tien swart tuislande het gesamentlik minder as 14% van Suid-Afrika se totale grondgebied beslaan; die oorblywende nagenoeg 86% was bestem vir blankes, kleurlinge en Indiërs asook swart mense wat veronderstel was om bloot tydelik in wit gebiede te werk (Klein 2000:477–8). Dis gepas om Suid-Afrika se bevolkingsensus van 1960 hier op te haal; dit was die jaar ná Verwoerd sy planne vir afsonderlike ontwikkeling onthul het. Swart mense het toe 68,3% van die totale bevolking van ongeveer 16 miljoen verteenwoordig, gevolg deur blankes (19,3%), kleurlinge (9,4%) en Indiërs (3,0%) (Statistics South Africa 2000). Die versplinterde grondgebiede van verskeie tuislande, in die besonder Bophuthatswana met sy 19 aparte stukke grond, asook die onderontwikkeling van die gebiede (Du Pisani 2012:351; Geldenhuys 1981:13), het verder afbreuk gedoen aan die geloofwaardigheid van hierdie entiteite se aansprake op staatskap.

Die verklaring vir die TBVC-state se algehele gebrek aan internasionale erkenning lê dus nie by die formele vereistes vir staatskap nie – hulle het klaarblyklik aan die Montevideo-kriteria voldoen (Barrie 1976:31–5; Dugard 1987:100; Dugard 2012:314; Shaw 2008:203; Marala 1984:120–7) – maar elders. “It lay rather in understanding that actions taken in order to pursue an illegal policy, such as apartheid, cannot be sustained” (Shaw 2008:203). Tog was die vier susterstate se nakoming van die Montevideo-vereistes hoogs gekwalifiseer in die lig van die regs- en politieke besware teen hul onafhanklikheid.

Om te begin met hul grondgebied, het kritici volgehou dat dié grond integrale dele van Suid-Afrika gebly het omdat dit onregmatig en onwettig deur die blanke regering gefragmenteer en vervreem is ter bevordering van apartheid. Anders gestel, geneen van die TBVC-state het

regtens 'n aanspraak op eie grondgebied, afgeskei van Suid-Afrika, gehad nie. Tog moet in gedagte gehou word dat Suid-Afrika vrywillig en wetlik afstand gedoen het van die betrokke gebiede. Anders as in die geval van moederstate wat aanspraak bly maak op die grondgebied van state wat deur sesessie tot stand gekom het, het Suid-Afrika geen aanspraak gemaak op eienaarskap van sy telge se grondgebied nie – altans nie tot 1994 nie toe dit onder radikaal nuwe politieke omstandighede by Suid-Afrika heringelyf is.

Die rede vir omstredenheid met betrekking tot bevolking, was dat 'n groot gros van die TBVC-state se toegewysde etniese oftewel de jure-bevolkings buite hierdie entiteite in wit Suid-Afrika woonagtig en werksaam was; hul de facto-bevolkings was in die betrokke lande woonagtig. In die laat-1970's was Venda die enigste tuisland waarin meer as 60% van die de jure-bevolking ook de facto in die entiteit gewoon het; op daardie stadium was die ooreenstemmende persentasies skaars 40% vir Bophuthatswana, 57% vir Transkei en 54% vir Ciskei (Geldenhuis 1981:31). Boonop is baie van hul toegesegde burgers buite hul vermeende etniese tuislande gebore en getoë en het geen begeerte gehad om na dié gebiede te verhuis nie, ten spyte van die massa-denasionalisering van swart mense ingevolge 'n wet van 1970.

Kritici het ook die legitimiteit van die TBVC-regerings betwis. Daar is byvoorbeeld beweer dat hierdie leiers bloot marionette van die Suid-Afrikaanse regering was en as agente van apartheid die stryd om swart bevryding in Suid-Afrika verloën het. Omdat hul vermeende state geen bestaansreg in die internasionale reg gehad het nie, is verder aangevoer, was die regering van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei kwansuis medepligtig aan 'n onwettige handeling.

Wat betref die vierde Montevideo-vereiste van deelname aan internasionale betrekkinge, het die TBVC-state hul eie departemente van buitelandse sake gekry en hul diplomate is deur Suid-Afrika opgelei vir diplomatieke diens in die buiteland. Hulle het dus oor die instrumente beskik om aan volwaardige interstaatlike betrekkinge deel te neem. Dit beteken vermoedelik ook dat die vier susterstate nie bloot gereed en gretig was om formele internasionale verhoudinge te sluit nie, maar ook dat ten minste sommige van hulle asook Suid-Afrika gehoop het dat die TBVC-state wel internasionale erkenning sou kry (Streek en Wicksteed 1981:202–3; Dugard 1987:100). Die algehele afwesigheid van sodanige erkenning – behalwe deur Suid-Afrika – en die gevolglike internasionale isolasie waaraan die vier entiteite onderwerp is, het hulle die geleentheid ontnem om aan normale internasionale betrekkinge deel te neem.

Kortom, die TBVC-groep se bestaansreg as state is wêreldwyd met mening verwerp weens hul verband met Suid-Afrika se internasionaal verfoeide apartheidsbeleid. Die VN se Algemene Vergadering en Veiligheidsraad het by herhaling lidstate en ander internasionale organisasies uitdruklik versoek om geen vorm van erkenning aan Suid-Afrika se onafhanklike tuislande te gee nie. Daar is destyds in regskringe aangevoer dat die VN die nie-erkenning van die TBVC-state tot 'n internasionale regsverpligting op bestaande state verhef het (Dugard 1987:103; Dugard 2012:314). Uit hierdie hoek beskou is Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei in die sonde van apartheid ontvang, gebore en getoë en had daarom onvermydelik deel aan die verdoemenis van apartheid. Sagter gestel, die TBVC-state het fatale geboortedefekte gehad wat hulle gediskwalifiseer het van lidmaatskap van die gemeenskap van bevestigde state. Ander betwiste state het natuurlik ook geboortedefekte, soos om produkte van sesessie (bv. Somaliland) of aggressie en besetting (bv. Noord-Ciprus) te wees, maar die TBVC-state was uniek vanweë hul verbintenis met apartheid.

6.2 Voortbestaan

Die tweede element van die ontledingsraamwerk handel oor wyses waarop betwiste state voortbestaan te midde van hul status as internasionale verstoteling. Aan die hand van die geraadpleegde akademiese literatuur oor betwiste state, kan 'n sestal take geïdentifiseer word waaraan sulke entiteite tipies voorkeur gee. Wat die TBVC-state betref, word slegs hul internasionale status en betrekkinge hier in besonderhede ondersoek omdat minder daarvoor gepubliseer is as oor die res van die ses take wat hulle moes hanteer.

Dis geen verrassing dat sekuriteit vir heelparty betwiste state baie hoog op die agenda staan, veral waar hulle gekonfronteer word met 'n vyandiggesinde moederstaat en soms ook eksterne partye wat hul afsonderlike staatskap daadwerklik wil beëindig. Dis die eksistensiële bedreiging wat onder meer die Sahrawi Arabiese Demokratiese Republiek, Nagorno Karabakh en Taiwan in die gesig staar (Markedonov 2015:195–206; Berg en Vits 2018:390–407; Florea 2017:1–37).

Die voortbestaan van die TBVC-state is nie deur hul moederstaat bedreig nie; intendeel, Suid-Afrika se rol as begunstigerstaat het ook sy telge se fisiese sekuriteit teen eksterne en interne bedreigings ingesluit. Vandaar die Suid-Afrikaanse weermag se hulpverlening met die opleiding en bewapening van die TBVC-lande se eie weermagte. Boonop het Suid-Afrika met elk van die vier 'n nie-aanvalsverdrag gehandhaaf. 'n Bedreiging wat die viertal wel ervaar het, was ondermyning deur die verbanne ANC, wat hewig gekant was teen die tuislandbeleid en dus die bestaan van die TBVC-state (*Race Relations Survey 1988/89* 1989:97). Hierbenewens het Ciskei te kampe gehad met 'n wesenlike bedreiging van sy interne veiligheid en stabiliteit deur Transkei. Dis gepas om hierdie seldsame geval van betwiste staatskap tussen twee betwiste state – waar Ciskei se reg op staatskap deur Transkei betwis is (Streek en Wicksteed 1981:360–1) – te verduidelik omdat dit verskeie ander aspekte van die twee onafhanklike entiteite se voortbestaan beïnvloed het asook hul betrekkinge met Suid-Afrika.

Transkei en Ciskei was in 'n lang historiese twis gewikkel oor die bestaan van twee afsonderlike geo-politieke entiteite vir die Xhosa-bevolking in die Oos-Kaap. Britse koloniale beheer was 'n sleutelfaktor in hierdie dispuut. Ciskei het vir 'n eeu onder Britse gesag gestaan en Transkei vir drie dekades, waartydens hulle as afsonderlike politieke eenhede bestuur is al was beide gebiede deur Xhosas bevolk. Na uniewording in 1910 is die “afsonderlike en eiesoortige bestuursontwikkeling” van Ciskei en Transkei voortgesit en dit het 'n “vertroebeleende effek” op verhoudinge tussen die twee gebiede gehad. Transkei het tevergeefse pogings tot politieke eenwording met Ciskei aangewend, gebaseer op wat Le Roux (1993:99–101,241) noem “genealogiese, etnokulturele en historiese redes”. Die instelling van die NP se tuislandbeleid in die 1950's het die vervreemding tussen Transkei en Ciskei vererger. Steeds verbind tot politieke samesmelting met Ciskei om 'n inklusiewe Xhosa-nasie en politieke entiteit te vorm, het Transkei sterk beswaar gemaak teen die verlening van bestuursmagte aan Ciskei ingevolge die wette van 1951 en 1959 (bespreek in onderafdeling 5.1) (Le Roux 1993:112–25). Ciskei se besluit om onafhanklik te word het die spanning met Transkei op die spits gedryf.

Transkei het aanvanklik geweier om Ciskei se onafhanklikheid te erken of om saam met Ciskei aan 'n konstellasie van state deel te neem, terwyl Ciskei geweier het om diplomatieke bande met Transkei aan te knoop. Ciskei het ook volhard in sy verset teen amalgamasie met Transkei, 'n standpunt gebaseer op die feit dat die twee gebiede nooit 'n politiek-staatkundige eenheid gevorm het nie, asook op meer selfsugtige oorwegings van Ciskeise leiers soos 'n vrees vir die

verlies van hul politieke status, magsbasis en materiële voordele (Le Roux 1993:131–7,174, 201,231,238,241; *Race Relations Survey 1984* 1985:544). Voeg hierby dat Transkei en Ciskei nie 'n gemeenskaplike grens gehad het nie, maar deur die sogenaamde wit korridor van Suid-Afrika (tussen 40 en 80 kilometer breed, vanaf Oos-Londen tot Queenstown) van mekaar geskei is (Le Roux 1993:238).

Transkei se pogings tot politieke eenwording met die nuut-onafhanklike Ciskei het allerlei uitsprake en bedrywighede behels wat die staatsgesag in die buurstaat ondermyn en Ciskei se soewereiniteit en territoriale integriteit geskend het. Daar kan selfs aangevoer word dat Transkei 'n irredentistiese veldtog teen Ciskei gevoer het (Le Roux 1993:229, 239; *Race Relations Survey 1991/92* 1992:480). So het Transkei byvoorbeeld gedreig met 'n eensydige anneksasie of militêre oorname van Ciskei en ondersteuning gegee aan Ciskeise opposisiepartye asook toevlug gebied aan uitgeweke politici van Ciskei. Verskeie politieke en militêre voorvalle in Ciskei is toegeskryf aan hierdie ballinge en hul Transkeise gashere (Le Roux 1993:202–29,239). Suid-Afrika se bemiddelingspogings tussen die twee strydende state het in 1987 gekulmineer in die trilaterale Streeksveiligheids- en samewerkingsooreenkoms. Hiervolgens het Suid-Afrika, Transkei en Ciskei onderneem om nie hul grondgebiede te laat gebruik vir die beplanning of uitvoering van aggressie, geweld of terrorisme teen mekaar nie. Die wese van die konflik tussen Transkei en Ciskei – die bestaan van twee Xhosastate – is egter nie in die ooreenkoms aangeraak nie (Le Roux 1993:249,278).

Staat- en nasiebou is twee verdere prioriteite vir verskeie betwiste state, veral in hul beginjare. Daar is 'n wye verskeidenheid definisies van die twee begrippe, veral van staatbou, en ook uiteenlopende menings onder ontleders oor die verband tussen staat- en nasiebou (Scott 2007). Uit die literatuur oor betwiste state is dit nietemin duidelik dat sulke entiteite se gebrek aan internasionale erkenning en gevolglike isolasie asook eksistensiële bedreigings van buite, hul prosesse van staat- en nasiebou enersyds bemoeilik en andersyds meer dringend maak (Pegg 2017:4,6; Isachenko 2018:353–68; Kolstø en Blakkisrud 2008:483–509; Von Steinsdorff 2012:201–6; Johnson en Smaker 2014:3–23; Richards 2014; Richards en Smith 2015:1717–35). Staatbou strek verder as die beveiliging van 'n entiteit se grondgebied en die vestiging van 'n sentrale owerheid: dit plaas die klem op die instellings van die staat, in besonder die burokrasie, om hul gesag, verantwoordbaarheid en doeltreffendheid te vestig op wyses wat die samelewing sal bevoordeel. Dit vereis 'n staat wat verbind is tot sosio-ekonomiese ontwikkeling en onderneem om die vernaamste verskaffer van openbare dienste (bv. gesondheid, onderwys en infrastruktuur) te wees. Die openbare sektor behoort 'n professionele instelling te wees gebou op meriete en bekwaamheid en wie se primêre lojaliteit by die staat en burgers eerder as die regerende elite lê (Sisk 2013:61; Wesley 2008:373; Bryant en Hatay 2021; Pegg 2017:6). Nasiebou behels op sy beurt pogings van nasionale rolspelers, hoofsaaklik agente van die staat, om 'n gevoel van gemeenskaplike nasieskap en 'n emosionele verbintenis met die staat onder die breë bevolking te skep en sodoende etniese, sektariese of kommunale verskille te oorbrug en wedywerende bronne van identiteit en lojaliteit te bestry (Grotenhuis 2016:73; Wesley 2008:373; Pegg 2017:4). Die prosesse van staat- en nasiebou, soos die aangehaalde literatuur aandui, is reeds redelik intensief in verskeie betwiste state ondersoek en die skrywers het gepoog om die uitwerking van die entiteite se omstrede staatskap op hierdie inisiatiewe te peil.

Suid-Afrika se onafhanklike voormalige tuislande het te make gehad met verskeie faktore wat staatbou kon bemoeilik. Een daarvan is dat verskeie van hul leiers se verbintenis tot blywende onafhanklikheid vanuit die staanspoor onder verdenking was. Transkeise leiers het hulle

uitgespreek ten gunste van 'n federale struktuur in 'n groter Suider-Afrika, wat 'n einde aan Transkei se onafhanklike staatskap sou beteken (Streek en Wicksteed 1981:192–4; Cronjé 1984:86; *Race Relations Survey 1984* 1985:491; Marala 1984:144.) 'n Jaar voor Bophuthatswana se onafhanklikheid het die tuisland se leier en latere president Lucas Mangope ook 'n federasie van Suid-Afrika, waarvan die tuislande deelstate sou wees, in die vooruitsig gestel (Mompei 1994:95). In 1977 het Mangope Bophuthatswana se onafhanklikheid bestempel as “[...] merely a stepping stone to a federal system of government” vir die ganse Suid-Afrika (aangehaal in Geldenhuys 1981:73). In Ciskei se onafhanklikheidswet, wat sy wetgewer in 1981 aanvaar het, is na die entiteit verwys as 'n “[...] soewereine, demokratiese onafhanklike republiek in 'n konfederasie van Suider-Afrikaanse state” (aangehaal deur Bridgman 1984:2.) Daar is selfs aangevoer dat Ciskei onafhanklikheid van Suid-Afrika aanvaar het op voorwaarde dat die nuwe staat opgeneem word in 'n Suider-Afrikaanse konfederale bedeling (Cronjé 1984:88; Venter 1985:13). Lennox Sebe, die inkomende president van Ciskei, het egter ook kort voor onafhanklikheid verklaar dat vrede in Suid-Afrika slegs bereik sou word “[...] through a federal system in a repartitioned country where state boundaries will be determined by the degree of economic inter-action in an area rather than by emotional or racial considerations” (aangehaal deur Geldenhuys 1981:72). 'n Ander faktor wat staatsbou kon ondermyn was die lae vlak van populêre politieke deelname in die TBVC-state, wat kon dui op swak algemene steun vir en identifisering met die entiteite se politieke bedelings (Klein 2000:478–9). Die feit dat nie een van die TBVC-state 'n enkele gekonsolideerde grondgebied gehad het nie, het staatsbou ook stellig teëgewerk. Ciskei se proses van staatsbou moes geskied terwyl die entiteit se bestaansreg as 'n tweede Xhosa-bevolkte staat naas Transkei deur laasgenoemde betwis is. Internasionale afsondering en die gebrek aan buitelandse hulp het waarskynlik ook staatsbou in die vier entiteite nadelig geraak. Wat die gehalte van openbare dienslewering in die susterstate betref, kan volstaan word met Giliomee se waarneming dat hulle teen die einde van die 1980's “'n burokratiese nagmerrie” geword het. Buitensporige besteding, yslike begrotingstekorte, onnodige personeel, selfverryking en korrupsie was algemeen. 'n Illustrasie is Transkei se departement van buitelandse sake, wat volgens Giliomee (2012a:260) 800 mense in diens gehad het – ver meer as hul Suid-Afrikaanse eweknie. 'n Vergelyking van die prosesse van staatsbou in die TBVC-groep met dié in ander betwiste state mag tot interessante bevindinge lei.

Beduidende verskille tussen die TBVC-entiteite en ander betwiste state bestaan waarskynlik op die gebied van nasiebou. Die TBVC-state (soos die ander tuislande van Suid-Afrika) is spesifiek geskep as grootliks homogene etniese tuislande oftewel volkstate vir bewoning deur lede van die onderskeie groepe. (Dis op sigself natuurlik nie vreemd in die geledere van bevestigde of betwiste state nie.) Daar was moontlik 'n gevoel van etniese identiteit en samehorigheid in die vier onafhanklike voormalige tuislande. Maar het hierdie bevolkings hulself met hul onderskeie state geïdentifiseer of het hulle hulself eerder as Suid-Afrikaners beskou? Was hulle tevrede om hul politieke regte bloot in hul toegesegde state uit te oefen, of het die bevolkings gestreef na volwaardige politieke regte in 'n onverdeelde Suid-Afrika? Voorts was beduidende gedeeltes van die TBVC-state se de jure- of toegewysde bevolkings buite hierdie gebiede in Suid-Afrika woonagtig. 'n Groot gros van hierdie “uitwoners” wou klaarblyklik permanent in Suid-Afrika bly eerder as om na hul aangewese tuislande te verhuis. Hoe het dit nasiebou in Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei beïnvloed? Vir Transkei en Ciskei was 'n verdere komplikasie in die nasiebouproses hul historiese konflik oor die bestaan van twee aparte Xhosa-tuislande. Na onafhanklikheid moes Ciskei probeer om, in Le Roux (1993:202) se woorde, “'n historiese nasionale bewussyn” onder sy bevolking aan te wakker as alternatief vir 'n inklusiewe Xhosa-nasieskap wat Ciskei en Transkei deel. 'n Eie burgerskap

en nasionale simbole is ingespan om 'n onderskeidende Ciskeise nasieskap te bou (Le Roux 1993:236).

Demokratisering, hetsy die vestiging of uitbouing van 'n Westers-demokratiese bedeling, is ook 'n voorkeur vir heelparty betwiste state. Een van die motiverings vir hierdie vierde taak is om internasionale aansien te wen en 'n ander is om die interne legitimiteit van die regering te verhoog (Caspersen 2011:337–56; Kolstø en Blakkisrud 2012:141–51; Ó Beacháin 2012:165–74; Pegg en Kolstø 2015:193–202; Pegg 2017:4–8). Onder vandag se 10 betwiste state is daar groot verskille wanneer dit kom by die vryhede wat met demokrasie vereenselwig word, soos Freedom House se jongste indeks van “freedom in the world” duidelik wys. Dis 'n empiriese meting van die mate van burgerlike vryhede en politieke regte in state, op grond waarvan hulle geklassifiseer word as vry, gedeeltelik vry of onvry. Taiwan is die vryste van die 10, gevolg deur Noord-Ciprus wat ook in die “vry”-kategorie val. Kosowo en Somaliland is twee van die vier betwiste state wat as gedeeltelik vry beskou word, terwyl Wes-Sahara en Abkhasië onder die “onvry” state tel (*Freedom in the world 2021* 2021).

Hoe demokraties was die politieke bedelings waarvoor die vier susterstate se onafhanklikheidsgrondwette voorsiening gemaak het? Daar is gepoog om demokratiese (Westminster) en tradisionele idees en praktyke te kombineer, maar laasgenoemde het in die meeste gevalle die oorhand gehad. Dit vind uitdrukking in die samestelling van die vier wetgewende liggame. In Transkei was helfte van die 150 lede tradisionele leiers en die ander helfte verkose verteenwoordigers. Bophuthatswana se nasionale vergadering het ook ewe veel verkose en aangewese lede (48 plus 48) gehad en nog drie is deur die president benoem op grond van hul kundigheid en ervaring. Die 87 lede van Venda se wetgewende liggaam het bestaan uit 42 verkose lede, 27 tradisionele leiers, 15 lede deur streeksowerhede benoem en nog drie kundiges wat deur die president aangewys kon word. Ciskei, laastens, se nasionale vergadering is saamgestel uit 22 verkose verteenwoordigers, 33 genomineerde tradisionele leiers, een opperhoof en vyf lede deur die president genomineer vir hul spesiale kennis, kwalifikasies en ervaring (Venter 1985:17; Wiechers 1981:515,520,523; Khunou 2009:105). Slegs Bophuthatswana se grondwet het 'n volwaardige afdwingbare akte van menseregte bevat wat net met 'n tweederde-meerderheid in die wetgewer gewysig kon word (Devenish 1985:84–7), terwyl die Ciskei-grondwet se verklaring van fundamentele regte deur die wetgewer aangetas kon word sonder judisiële ingryping (Venter 1985:19).

Die TBVC-entiteite kon bepaald nie as modelstate beskou word wat demokraties, goed regeer, vooruitstrewend, vreedsaam en stabiel was nie (The O'Malley Archives. “The homelands.” s.j.; The Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report 1998:400–93; Phillips 2018:2). Welsh (2009:132) se oordeel is verdoemend: “Corrupt, authoritarian and prone to *coups d'état*, the bantustans were classic banana republics [...]”. Die langsame proses van ontvoogding – dit het Transkei, byvoorbeeld, 13 jaar geneem om van selfregering (1963) tot onafhanklikheid (1976) te vorder – het duidelik nie die regeerdividende gelewer wat Verwoerd verwag het nie.

Oor die einste Transkei het die Londense *Financial Times* reeds in 1978 geskryf die land is “[...] rapidly degenerating into a tragic parody of the problems of Third World development”. 'n Kombinasie van politieke outokrasie en finansiële onbevoegdheid, het die koerant gewaarsku, plaas die verarmde tuisland op die pad na 'n finansiële krisis en selfs bankrotskap (aangehaal deur Streek en Wicksteed 1981:138). (Die *Financial Times* het klaarblyklik nie voorsien dat Suid-Afrika 'n finansiële lewenslyn vir die TBVC-state sou bied nie.) Transkei se gebreke was

egter nie tot geld en onbekwaamheid beperk nie. In Junie 1980 word 'n noodtoestand daar afgekondig na studentepotes en vier maande later beleef die land 'n vermeende staatsgreep (Streek en Wicksteed 1981:95, 353–4). Twee suksesvolle staatsgrepe het in 1987 binne weke na mekaar in Transkei plaasgevind. Die weermaghoof genl. Bantu Holomisa het in die eerste geval vir eerste minister George Matanzima gedwing om te bedank en in die tweede insident het hy dié se opvolger Stella Sigcau uit die kussings gelig. As hoof van die militêre raad het Holomisa regeringshoof geword en die posisie beklee totdat Transkei in 1994 by Suid-Afrika heringelyf is (Burns 1987; The O'Malley Archives. "The homelands." s.j.; *Race Relations Survey 1988/89* 1989:92). In Maart 1990 is president Lennox Sebe in Ciskei deur die weermag omvergewerp en het brigadier Oupa Gqozo die bewind oorgeneem. Twee jaar later het die ANC gepoog om deur rollende massa-aksie van Gqozo ontslae te raak. Die gewelddadige reaksie van die Ciskeise weermag het tot ernstige bloedvergieting gelei (De Klerk 1998:261–4; Van Wyk 2008:214). Intussen, in April 1990, is president Patrick Mpefu se bewind in Venda deur 'n militêre staatsgreep beëindig. Kolonel Gabriel Ramushwana het verklaar dat hy die land sou regeer totdat dit by Suid-Afrika heringelyf word (The O'Malley Archives. "1990". s.j.). Holomisa en sy eweknieë in Venda en Ciskei het hul staatsgrepe geregverdig as noodsaaklik om grootskaalse korrupsie en omkoperij hok te slaan (Burns 1987; The O'Malley Archives. "The homelands." s.j.).

In Bophuthatswana is die fasade van 'n demokratiese staat gehandhaaf ten spyte van pres. Mangope se outokratiese neigings en beperkinge op opposisiepartye (Welsh 2009:512). 'n Mislukte poging tot 'n militêre staatsgreep in Februarie 1988 het hierdie ondemositiese tendense versterk (*Race Relations Survey 1988/89* 1989:92–3). In November 1990 neem sake 'n onheilspellende nuwe wending toe ANC-ondersteuners gearresteer word vir 'n beweerde komplot om Mangope te vermoor (The O'Malley Archives. "1990." s.j.). Twee jaar later het die ANC as deel van sy massa-aksie onsuksesvol probeer om die regering van Bophuthatswana uit die kussings te lig. In Maart 1994, te midde van ernstige interne onrus deels aangevuur deur Mangope se verbete pogings om sy presidentskap en Bophuthatswana se onafhanklikheid te behou en nie aan die komende algemene verkiesing in Suid-Afrika deel te neem nie, het hy private paramilitêre magte uit Suid-Afrika versoek om in te gryp om die status quo te bewaar. Dit het op 'n fiasko uitgeloop en Mangope is onmiddellik daarna van sy pos onthef deur die Suid-Afrikaanse regering tesame met die uitvoerende oorgangsraad ('n veelpartyliggaam gestig in 1993 en beklee met uitgebreide bevoegdhede om die oorgang na 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika te bevorder). Die bestuur van Bophuthatswana in sy laaste weke is oorgedra aan twee administrateurs deur die oorgangsraad aangewys (De Klerk 1998:331–3). Die militêre regerings van Venda en Ciskei het ook in hierdie periode geval en is deur administrateurs vervang (De Klerk 1998:333). Met hierdie verwickelinge, sou De Klerk (1998:333) later opmerk, "[...] het die laaste oorblyfsels van dr. Verwoerd se uitgebreide struktuur van groot apartheid krakend ineengestort". In Transkei kon Holomisa daarin slaag om aan bewind te bly, maar hy het hom toe lank reeds duidelik aan die kant van die bevrydingsbewegings geskaar (De Klerk 1998:290,304; Burns 1987).

Temas vir verdere ondersoek wat uit bogenoemde vloei, is die moontlike invloed wat hul internasionale status gehad het op die wyses waarop die TBVC-state regeer is, en Suid-Afrika – as moeder- en beskermstaat en self nie demokraties nie – se reaksies op hierdie verwickelinge. Interessante vergelykings kan waarskynlik ook getref word tussen die TBVC-groep en ander betwiste state ten opsigte van hul tipes regering (demokraties of outokraties) en die gehalte van regering (gemeet aan vereistes soos doeltreffendheid, aanspreeklikheid en eerlikheid). 'n Hedendaagse meetinstrument wat handig te pas kan kom by sulke vergelykings is die "fragile

states index” opgestel deur die Amerikaanse Fund for Peace. “State fragility” (staatsbroosheid of -swakheid) verwys na ernstige gebreke in die verrigting van ’n staat se kernfunksies soos die handhawing van sy gesag en die vermoë om basiese openbare dienste te lewer (*Fragile states index* jaarliks).

Ekonomiese ontwikkeling (of bloot oorlewing) is ’n vyfde wesensbelangrike taak vir betwiste state. Weens hul gebrek aan internasionale erkenning, kan hulle byvoorbeeld nie deelneem aan die werksaamhede van internasionale finansiële instellings soos die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds asook die Wêreldhandelsorganisasie en daaruit materiële voordele kry nie. Om dieselfde rede word hulle ook meesal uitgesluit uit bilaterale ekonomiese ooreenkomste met bevestigde state. Hierdie beperkinge demp stellig betwiste state se kans op ekonomiese ontwikkeling. Terselfdertyd beklemtoon hul ekonomiese isolasie die belangrikheid van die beperkte ekonomiese bande wat hulle wel het. In verskeie gevalle verleen ’n begunstigerstaat ’n ekonomiese lewenslyn, soos byvoorbeeld Rusland teenoor Abkhasië, Suid-Ossetië en Transnistrië, Ethiopië teenoor Somaliland en Turkye teenoor Noord-Ciprus. In Eurasië het Transnistrië en van sy eweknieë op groot skaal betrokke geraak by die onwettige globale ekonomie, soos smokkelhandel in olie, drank, dwelms, wapens en selfs mensehandel (Geldenhuis 2009:94). Taiwan is ’n uitsondering onder betwiste state in die sin dat die land deeglik geïntegreer is in die globale handel en uitgebreide ekonomiese bande met selfs sy aartsnemesis China handhaaf.

Benewens noodsaaklike ekonomiese betrekkings, poog betwiste state in die sesde plek om ander tipes internasionale bande te smee ter wille van hul sekuriteit en welvaart, maar ook om hul aanspraak op internasionale aanvaarding te probeer versterk. Soos genoem, geniet Kosowo en Taiwan ’n mate van formele internasionale erkenning van hul staatskap, maar is steeds nie lid van die VN nie, terwyl die SADR ’n volwaardige lid van die AU is, maar nie van die VN nie. Palestina, op sy beurt, geniet sedert 2012 nie-lid-waarnemerstatus in die VN en sy staatskap word vandag deur 139 state amptelik erken en in baie gevalle deur diplomatieke verteenwoordiging vergesel (Permanent Observer Mission of the State of Palestine to the United Nations s.j.). As ’n plaasvervanger vir konvensionele bilaterale diplomatieke betrekkings, wend ander betwiste state hulle tot informele of nie-amptelike verteenwoordiging in die buiteland. Hoe erger hul diplomatieke en ekonomiese isolasie, hoe swaarder steun betwiste state op hul begunstigerstate.

Wat hier ter sprake is, is ’n begunstiger-kliënt-verhouding (“patron-client relationship”) (*Nuwerwetse politieke woordeboek* 2002); ’n sinoniem vir die beskermheerskap wat tot stand kom, is ’n patronaat (*HAT* 1994). Hierdie is natuurlik ’n bekende soort assosiasie in internasionale betrekkings wat veral gedurende die Koue Oorlog prominent was. Dit behels ’n wedersyds voordelige (maar ongelyke) uitruiling van goedere en dienste tussen state wat nie gelyk is met betrekking tot hul militêre, ekonomiese en politieke mag nie. Van die materiële voordele wat kliëntstate van hul begunstigers verkry, is militêre toerusting en -opleiding, ekonomiese hulp en finansiële bystand asook politieke ondersteuning en beskerming teen interne en eksterne bedreigings. Op hul beurt kan die sterker vennote, soos die groot moondhede in die Koue Oorlog, strategiese voordele, ideologiese samehang en internasionale solidariteit put uit hul verbintenis met kliëntstate. Hierdie soort patronate bestaan deesdae tussen sommige betwiste state en hul eksterne begunstigers, byvoorbeeld tussen elk van Transnistrië, Suid-Ossetië en Abkhasië enersyds en Rusland andersyds. Wat hierdie verbintnisse verstewig, is historiese, etniese en godsdienstige affiniteite tussen die vennote. Boonop

is die blote oorlewing van dié kliëntstate afhanklik van Rusland se sekuriteitswaarborge (Kosienkowski 2020:183–201; Kolstø 2021:890–912).

Waar 'n betwiste staat deur sesessie tot stand gekom het, sal die oorspronklike of moederstaat waarvan eensydig afgeskei is, uiteraard nie as begunstigerstaat vir die wegbreker dien nie. Veel eerder is die moederstaat dan die grootste vyand van die betwiste staat en aan die voorpunt van pogings om die entiteit se internasionale aanvaarding te voorkom (en speel as sodanig die rol van vetostaat) en dieancien regime te herstel.

'n Begunstiger-kliënt-verhouding kan geformaliseer word in 'n konfederasie of statebond. Eersgenoemde, volgens Starke (1989:114–5), bestaan uit 'n aantal onafhanklike state wat saamgebind word deur 'n internasionale verdrag of ooreenkoms waarvolgens regeringsinstellings geskep word om die interne outonomie en eksterne onafhanklikheid van al die betrokke entiteite te handhaaf. 'n Statebond, soos dié tussen Brittanje en sy voormalige kolonies, is 'n lossier assosiasie as 'n konfederasie. Dieselfde geld die Bond van Onafhanklike State wat einde 1991 deur voormalige republieke van die ontbinde Sowjet-Unie gevorm is met Rusland as kernstaat. Geeneen van die drie betwiste state wat ook kliëntstate van Rusland is (Suid-Ossetië, Abkhasië en Transnistrië) is lede van hierdie organisasie nie.

Derde partye, dit wil sê state wat nie in 'n beskermheer-kliënt-verhouding met betwiste state staan nie, kan op 'n verskeidenheid wyses met betwiste state omgaan. Daar is inderdaad 'n spektrum van opsies wat strek van de jure-erkenning van 'n betwiste entiteit se staatskap op die een uiterste tot die ander uiterste waar militêre mag gebruik word om so 'n aspirantstaat ongedaan te maak. Die drie algemeenste opsies is egter om betwiste state doelbewus te isoleer deur nie-erkenning en minimale interaksie met hulle; om die entiteite eenvoudig te ignoreer; en om beperkte, geteikende interaksie met hulle te hê (Geldenhuis 2009:46–8). Dis in laasgenoemde kategorie dat die idee van “engagement without recognition” ter sprake kom. Die eksterne partye aldus betrokke by 'n betwiste staat kan die moederstaat wees, die begunstigerstaat, die vetostaat, ander state en multilaterale organisasies soos die VN en EU. Die interaksie kan polities, ekonomies, sosiaal, kultureel, humanitêr en selfs militêr van aard wees. So het die VSA byvoorbeeld op veiligheidsgebied met Somaliland saamgewerk en Ethiopië handhaaf ekonomiese en vervoerverbintnisse met Somaliland. Die Republiek van Ciprus het gereeld politieke kontak met die Turkse Republiek van Noord-Ciprus om die geskil tussen hulle te probeer besleg. Daar is legio ander voorbeelde van buitelandse betrokkenheid by betwiste state, sonder om hulle amptelik te erken (Cooley en Mitchell 2010:59–73; Toomla 2014; Ker-Lindsay 2015:267–85; Toomla 2016:330–45; Berg en Pegg 2018:388–407; Ker-Lindsay en Berg 2018:335–42; Berg en Ker-Lindsay 2019; Coppieters 2019:241–55; Palani, Khidir, Dechesne en Bakker 2020:1–18).

Die fokus verskuif vervolgens na die eksterne betrekkinge van die TBVC-state. Hierin staan Suid-Afrika as moederstaat sentraal omdat die vier entiteite hoegenaamd geen internasionale erkenning van hul gewaande staatskap gekry het nie en dus geen formele bilaterale of multilaterale betrekkinge met bevestigde state of interregeringsorganisasies kon aangaan nie – behalwe met Suid-Afrika en tussen die vier susterstate onderling. Suid-Afrika se amptelike betrekkinge met die TBVC-state is weliswaar op die internasionale reg geskoei – 'n erkenning van hul staatskap (Rautenbach en Malherbe 1994:14) – maar dit kon nooit die enormiteit van die vier voormalige tuislande se afhanklikheid van Suid-Afrika verbloem nie (Thomas 1984:18–19; Cronjé 1984:85.) Dié afhanklikheid het die TBVC-entiteite se bewegingsvryheid teenoor Suid-Afrika ernstig aan bande gelê, hul selfbeeld as onafhanklike state aangetas en ook

enige sprake van internasionale geloofwaardigheid as volwaardige state verder ondermyn. Voeg hierby die TBVC-state se gebrek aan strategiese belangrikheid, hetsy geografiese ligging of ekonomiese bates, en dis duidelik dat hulle ook teenoor die buitewêreld haas geen bedingingsvermoë gehad het nie.

Die sigbaarste, meetbaarste, voelbaarste en vernaamste vorm van afhanklikheid was op ekonomiese gebied. Hul formele onafhanklikheid ten spyte, het die TBVC-state part en deel van die Suid-Afrikaanse ekonomie gebly. Hulle het, soos die selfregerende tuislande, ekonomies nooit op dreef gekom nie (Giliomee 2012a:77,83,105; Du Pisani 2012:351). As hul skepper het Suid-Afrika vanuit die staanspoor die verantwoordelikheid aanvaar om as die onafhanklike TBVC-entiteite se begunstiger op te tree, oftewel 'n goedwillige moederstaat. Hierdie taak het des te belangriker geword in die lig van die nie-erkenning van die entiteite se staatskap en hul gevolglike uitsluiting uit normale internasionale ekonomiese interaksie.

Die aard en omvang van Transkei se ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika was tekenend van wat Bophuthatswana, Venda en Ciskei ook in wisselende mate ervaar het (Khwashaba 1991:72–108,114–29). In 1981–2 was Transkei se geskatte bruto binnelandse produk (BBP) van sowat R650 miljoen slegs 1% van Suid-Afrika se R65 000 miljoen. Helfte van die Transkei-begroting se lopende en kapitaaluitgawes is destyds deur Suid-Afrika gedra. Finansiële steun van Suid-Afrika was ook in die vorm van toekennings en sagte lenings. Omdat Transkei nie toegang tot die internasionale geldmark en buitelandse hulp gehad het nie, was hy volledig van Suid-Afrika afhanklik vir kapitaal en projekhulp (Streek en Wicksteed 1981:148–68; Cronjé 1984:85–9). (Suid-Afrika se amptelike hulpverlening aan die TBVC-state is, terloops, gekoördineer deur die Komitee vir Ekonomiese en Ontwikkelingsamewerking in Suider-Afrika, Keossa.) Soos die ander drie voormalige tuislande, was Transkei ook op Pretoria aangewese vir die bepaling van monetêre en makro-ekonomiese beleid vir die ganse “onverdeelde” Suid-Afrika. In die vroeë 1980's was nagenoeg 60% van Transkei se manlike werksmag in Suid-Afrika werksaam. Dié van hulle wat in Suid-Afrikaanse myne gewerk het, het met hul betalings/oordragte tot amper 50% van Transkei se BBP bygedra. Voorts het Transkei swaar gesteun op Suid-Afrika vir geskoolde arbeid (soos gesekondeerde amptenare) en fisiese infrastruktuur (bv. paaie, elektrisiteit en telekommunikasie) en die land se private sektor is ook deur Suid-Afrikaanse besighede oorheers (Thomas 1984:15–24; Bridgman 1984:6; Southall 1982; Streek en Wicksteed 1981:148–68; Butler, Rotberg en Adams 1978). 'n Belangrike interne bron van inkomste vir die vier susterstate was casino's, wat op daardie stadium nog onwettig in Suid-Afrika was; die TBVC-state kon met reg as “casino-republieke” beskryf word. Eie aan 'n situasie van afhanklikheid, het hierdie luukse vermaaklikheidsentra aan Suid-Afrikaanse entrepreneurs behoort (Rogerson 1990:345–54). Ten slotte kan verwys word na die gedeeltes van hul inkomste wat die onderskeie TBVC-lande intern gegenereer het. In 1987–8 was dit 24% vir Transkei, 23% vir Bophuthatswana, 12% vir Venda en 10% vir Ciskei (*Race Relations Survey 1988/89* 1989:61).

Die feit dat Transkei en Ciskei regstreekse toegang tot die see gehad het, het geen verskil aan hul afhanklikheid van Suid-Afrika gemaak nie. Nie een van die twee lande het oor 'n kommersiële hawe beskik nie. Vir sover hulle by in- en uitvoer betrokke was, moes alles deur Suid-Afrika vloei. Voorts het die TBVC-state ook nie 'n geografies aaneengeslote blok gevorm wat hulle moontlik meer bedingingskrag teenoor Suid-Afrika kon gegee het nie.

Op veiligheidsgebied het Suid-Afrika en die TBVC-lande ten nouste saamgewerk, insluitend met die vestiging van hul onderskeie weermagte. Suid-Afrika het ook, soos genoem, met elk

van die vier lande 'n nie-aanvalsverdrag gesluit. Hiervolgens het die partye onderneem om nooit gewapende mag teen mekaar se politieke onafhanklikheid of gebiedsintegriteit te gebruik nie en ook nie toe te laat dat hul gebiede vir ondermynende bedrywighede teen mekaar aangewend sou word nie (Hough 1984:78–82).

'n Ander dimensie van afhanklikheid was dat burgers van die vier susterstate, insluitend regeringslui, meesal Suid-Afrikaanse paspoorte moes gebruik om in die buiteland te reis.

'n Dringende kwessie waaroor die TBVC-state aan Suid-Afrika se welwillendheid uitgelewer was, was verdere grondoordragte aan hierdie lande ná onafhanklikheid, deels om hul grondgebiede te konsolideer (Streek en Wicksteed 1981:171–5; *Race Relations Survey 1984* 1985:518,546). Suid-Afrika se traagheid om gehoor te gee aan die susterstate se herhaalde eise hieroor, het tot aansienlike wrywing met hulle gelei (Cronjé 1984:91; Mompei 1994:115). Die vier entiteite se “gevoeligheid vir paternalisme en diskriminasie” jeens hul moederstaat is versterk deur hul burgers se daaglikse belewenis van apartheid in Suid-Afrika en hul uiters beperkte vermoë om veel hieraan te doen (Cronjé 1984:85; Dugard 2012:314). 'n Verwante en besonder gevoelige kwessie vir die TBVC-lande was Suid-Afrika se volharding met die gedwonge verskuiwing van swartes uit die Republiek en hul hervestiging in die tuislande (Mompei 1994:116–9). Dit het eweneens die voormalige tuislande se afhanklikheid van en kwesbaarheid vir benadeling deur Suid-Afrika onderstreep.

Desnieteenstaande het die TBVC-state nooit onverskillig gestaan oor die behandeling van die swart meerderheid in apartheid-Suid-Afrika nie. Soos genoem was hierdie 'n belangrike strydpunt tussen die vier susterstate en Suid-Afrika (Dugard 1978:97; Streek en Wicksteed 1981:176; *Race Relations Survey 1984* 1985:508,542–4; Thomas 1984:31). Die groep het hulself deurentyd beskou as kampvegters vir die belange en regte van swartes in Suid-Afrika en as agente vir vreedsame politieke verandering weg van apartheid. President Mangope van Bophuthatswana het byvoorbeeld in 1978 verklaar: “[...] we have by no means opted out of the Pan-South African destiny”. Staatskap het volgens hom vir Bophuthatswana 'n onbetwiste en betekenisvolle magsbasis gebied om as katalisator te dien vir progressiewe verandering in die “Pan-South African Region” wat destyds uit Suid-Afrika, Transkei, Bophuthatswana en Namibië bestaan het. Een van die grootste struikelblokke wat uit die weg geruim moes word om die streek se ekonomiese potensiaal te verwesenslik, was “[...] the notorious persistence of the RSA in clinging to the iniquities of apartheid practices” (Mangope 1978:5–7). Hierdie soort betrokkenheid het 'n uitsonderlike dinamika gebring na die verhoudinge tussen 'n groep betwiste state en hul moederland, oftewel tussen kliëntstate en hul begunstigerstaat.

Op bilaterale vlak is 'n reeks ooreenkomste gesluit oor en strukture geskep vir allerlei vorme van funksionele samewerking tussen Suid-Afrika en elk van die TBVC-entiteite (Rathebe 1984:41). Op diplomatieke gebied was daar wedersydse verteenwoordiging op ambassadeursvlak tussen Suid-Afrika en elk van die vier lande, maar nie tussen die susterstate onderling nie. Daar is egter nie twyfel nie dat die vier entiteite mekaar se staatskap formeel erken het; hul gemeenskaplike en gelyke deelname aan verskeie multilaterale instellings saam met Suid-Afrika impliseer sodanige erkenning. Transkei het egter sy diplomatieke betrekkinge en nie-aanvalsverdrag met Suid-Afrika in 1978 eensydig beëindig. Transkei se amptelike rede hiervoor was 'n grondgeskil (Griekwaland-Oos) met Suid-Afrika en eerste minister Kaiser Matanzima het selfs gedreig om die gebied met wapengeweld te bekom. Vir Transkei was die grondkwessie vermoedelik net 'n verskoning om sy rug op Suid-Afrika te keer en so aan die buitewêreld te wys dat die voormalige tuisland nie bloot 'n marionet van die moederstaat was

nie, maar sy eie koers nasionaal en internasionaal wou inslaan en dus eksterne ondersteuning verdien het. In 1980 het Transkei onverrigter sake sy diplomatieke en sekuriteitsbande met Suid-Afrika herstel (Geldenduys 1981:38; Streek en Wicksteed 1981:171–5,185–9; Thomas 1984:16).

'n Uitvoerige netwerk van multilaterale instellings is sedert 1979 geskep om samewerking tussen Suid-Afrika en die TBVC-state te reguleer. Teen die middel-1980's het die struktuur op die hoogste vlak voorsiening gemaak vir spitsberade tussen die regeringshoofde van die vyf deelnemende state. Op 'n vlak laer was daar 'n multilaterale ontwikkelingsraad van ministers wat koördinasie moes verseker. Dié raad is op sy beurt deur 'n tussenstaatlike werkgroep ondersteun. Vervolgens het 'n multilaterale ekonomiese en finansiekomitee gesorg vir koördinasie op departementele vlak deur toesig te hou oor sewe multilaterale tegniese komitees (landbou- en omgewingsake; nywerhede, handel en toerisme; vervoer; pos- en telekommunikasie; gesondheid en welsyn; mannekrag en onderwys; en finansies). Hierdie tegniese komitees is onderverdeel in subkomitees en werkgroepe. Onderaan die hiërargie was 'n aantal streek-skakelkomitees om skakeling tussen die streeksontwikkelingsadvieskomitees van die vyf lidstate te bevorder. Die hele struktuur is bedien deur die sekretariaat vir multilaterale samewerking in Suider-Afrika, bekend as Secosaf (Breytenbach 1984:56–9; Muller 1988:90–104; Van der Merwe 1991:386–404; Venter 1985:14).

Voeg hierby die Suider-Afrikaanse Doeane-unie en die Rand Monetêre Area, waaraan die TBVC-state ook behoort het. Eersgenoemde instelling het reeds in 1910 tot stand gekom tussen Suid-Afrika en die drie aangrensende Britse protektorate van Betsjoeanaland, Basoetoeland en Swaziland. Met die drie gebiede se onafhanklikheid in die 1960's is die doeane-ooreenkoms by hul nuwe status aangepas. Die drie BLS-state, soos daar kortweg na hulle verwys is, was hoegenaamd nie geneë om later die TBVC-state as gelyke partye in die ooreenkoms te aanvaar nie. Dit het tot gevolg gehad dat die vier susterstate uitgesluit is van onderhandelinge tussen Suid-Afrika en die BLS-groepering, maar ooreenkoms wat hieruit gespruit het, was wel van toepassing op die TBVC-state ook (Bridgman 1984:4). Deelname aan die Rand Monetêre Area het beteken dat die Suid-Afrikaanse rand ook in Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei gebruik is en dat die vier entiteite daarmee saam beheer oor hul finansiële beleid aan Suid-Afrika afgestaan het (Bridgman 1984:4). Nog 'n belangrike multilaterale instelling wat in 1983 gevestig is, was die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika. Suid-Afrika en die TBVC-state was die stigterslede van die bank, wat ten doel gehad het om ekonomiese ontwikkeling in Suider-Afrika te bevorder (Khwashaba 1991:79–86). In 1988 het die vyf state besluit om na hulself as die Ekonomiese Gemeenskap van Suider-Afrika te verwys (Khwashaba 1991:7; *Race Relations Survey 1988/89* 1989:49). Die patroon van interstaatlike samewerking wat ontwikkel het, het inderdaad ooreenkoms te vertoon met die destydse Europese Ekonomiese Gemeenskap (wat in 1993 die Europese Unie geword het) (Rautenbach en Malherbe 1994:14).

Hierdie multilaterale strukture het 'n interessante aanloop gehad. Reeds in 1959 het eerste minister Verwoerd, ter ondersteuning van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, voorsien dat die ontwikkeling van Suid-Afrika se “Bantoe-state” sou kon lei tot “[...] 'n gemenebes [...] saamgebind deur gemeenskaplike belange binne hierdie suidelike gedeelte van Afrika” (Pelzer 1964:265). Hy het by 'n ander geleentheid spesifiek na die Britse gemenebes van nasies as 'n rolmodel vir Suid-Afrika verwys: 'n “Statebondsverband” wie se lede ekonomiese en ander bande het en onderling saamwerk sonder dat hulle almal in die “moederparlement” verteenwoordig word (Scholtz 1974b:136; Pelzer 1964:343). Verwoerd het ook gepraat van 'n toekomstige ekonomiese genootskap van nasies in Suider-Afrika wat, soos in

Wes-Europa, gebou sou word op deelnemende state se politieke onafhanklikheid en onderlinge ekonomiese afhanklikheid (Giliomee 2012a:78; Pelzer 1964:261). Op sy beurt het eerste minister John Vorster in 1974 'n "magsblok" van samewerkende onafhanklike state in Suider-Afrika voorsien, bestaande uit Suid-Afrika, toekomstige onafhanklike tuislande, die BLS-state, Rhodesië en Malawi (Geldenhuis 1981:20). Die jaar daarna kom hy met 'n nuwe begrip vorendag: "[...] 'n konstellasie van polities volkome onafhanklike state" met hegte ekonomiese bande (aangehaal deur Geldenhuis 1981:20). In P.W. Botha se bewindstyd het die skep van 'n konstellasie van state 'n kerndoelwit in Suid-Afrika se streeksbeleid geword. So het Pik Botha, minister van buitelandse sake, in 1979 voorsien dat tussen sewe en tien state suid van die Kunene- en Zambezi-rivier met 'n gesamentlike bevolking van sowat 40 miljoen mense deel sou word van 'n Suider-Afrikaanse konstellasie van state. Benewens Suid-Afrika, sou die ander lede die BLS-state, Transkei, Bophuthatswana en ander toekomstig onafhanklike tuislande, asook Rhodesië en Namibië wees. Suid-Afrika se verwagting was dat hierdie groepering nie bloot ekonomiese bande sou verstewig nie, maar dat hulle sou streef na 'n gemeenskaplike benadering op politieke en sekuriteitsgebied (Geldenhuis 1981:21–2).

In die vroeë 1980's het die Suid-Afrikaanse regering oënskynlik sy ambisieuse konstellasieplanne begin temper. Dit was toe reeds duidelik dat die nuut-onafhanklike Zimbabwe onder Robert Mugabe geensins in Suid-Afrika se konstellasieplanne belang gestel het nie. Boonop was Transkei se leiers ook nie ingenome met hierdie idee nie (Thomas 1984:21; Breytenbach 1984:52) en SWA/Namibië se politieke toekoms was steeds onseker. Die nuwe fokuspunt was streeksamewerking tussen Suid-Afrika en die TBVC-state, mettertyd bekend as die SATBVC-groepering (Breytenbach 1984:53). Die nuwe oorhoofse raamwerk wat aanvanklik vir hierdie interaksie voorgestel is, was 'n konfederasie. P.W. Botha, as eerste minister en later staatspresident, was 'n voorstander van 'n konfederale stelsel met unieke Suid-Afrikaanse kenmerke: die deelnemende entiteite sou (wit) Suid-Afrika, stedelike swart mense, selfregerende nasionale state en die TBVC-state wees (*Survey of race relations in South Africa 1983 1984*). Daar is reeds genoem dat Ciskei se 1991-grondwet na die gebied verwys het as 'n soewereine, republiek in 'n "konfederasie van Suider-Afrikaanse state" – 'n tema wat president Sebe ook meermale geopper het (Eksteen 1982:42–5; *Race relations survey 1984 1985:514*).

'n Assosiasie bestaande uit slegs Suid-Afrika (insluitend sy nie-onafhanklike tuislande en stedelike swartes as aparte entiteite naas die sentrale regering) en die TBVC-state, kan kwalik as 'n konfederasie bestempel word. 'n Konfederasie bestaan streng gesproke uit onafhanklike state wat kragtens 'n multilaterale ooreenkoms saamwerk en oor sentrale instellings met beperkte bevoegdhede beskik (Shaw 2008:238). Selfs in sy afgeskaalde interne formaat het die beoogde konfederasie nooit tot stand gekom nie.

Uit die beskikbare gepubliseerde inligting blyk dit dat die TBVC-entiteite op nie-amptelike vlak wel met die buitewêreld geskakel het. Een wyse was besoeke wat hul verteenwoordigers – dikwels met Suid-Afrikaanse paspoorte in die hand (Streek en Wicksteed 1981:177) – aan ander state gebring het. Die regverdiging was tipies dat sulke reise onderneem is om die ekonomiese belange van die betrokke susterstaat te bevorder, maar die soeke na internasionale erkenning was waarskynlik ook 'n oorweging. So byvoorbeeld was Mangope van Bophuthatswana in die middel-1980's op besoek aan Frankryk, Switserland, Israel en Brittanje; Sebe van Ciskei was in 1984 na berig word in Hong Kong en Taiwan asook Israel; en premier George Matanzima en van sy ministers het glo in 1984 die Verre Ooste, Midde-Ooste, Europa en Amerika besoek (*Race Relations Survey 1984 1985:508,514,516,543*). Suid-Afrika se diplomatieke missies in die buiteland het dikwels hulp verleen met sulke besoeke. 'n Ander

vorm van eksterne kontak wat Transkei onder meer benut het, was die gebruik van skakelfirmas in byvoorbeeld die VSA (Streek en Wicksteed 1981:200–24,357). Transkei het voorts nie-amptelike belangkantore in Washington D.C. en Wene bedryf (Geldenhuis 1981:51), terwyl Venda nie-amptelike handelsverteenvoordigers in die VSA en Israel gehad het asook ’n “politieke verteenwoordiger” in laasgenoemde (*Race Relations Survey 1984* 1985:550). Die TBVC-state het ook sake-transaksies met private ondernemings in die buiteland aangegaan, soos Transkei in Oostenryk, Switserland, Nederland, Israel en Taiwan (Streek en Wicksteed 1981:357–8; Marala 1984:136; *Race Relations Survey 1984* 1985:545).

Wat die omgekeerde kommunikasievloei betref, het Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei inderdaad buitelandse besoekers, insluitend politici en sakelui, ontvang, maar selde enige amptelike verteenwoordigers van ander bevestigde state (behalwe natuurlik Suid-Afrika) (Streek en Wicksteed 1981:211). Van die besoekers was oorsese gaste van Suid-Afrika se departement van inligting of van buitelandse sake, wat dan ook een of meer van die vier susterstate aangedoen het. Dis veral insiggewend dat vreemde state individueel of gesamentlik nie probeer het om betrokkenheid sonder erkenning by die TBVC-state te beoefen nie. Hulle het dus nie probeer om hierdie entiteite se volslae afhanklikheid van Suid-Afrika te verminder of ’n wig tussen hulle en hul moederstaat in te dryf of om enige van die vier voormalige tuislande te help ontwikkel in ’n voorspoedige en voorbeeldige post-apartheidsamelewing nie. Vir die internasionale gemeenskap het die TBVC-entiteite, as produkte van apartheid, eenvoudig geen bestaansreg as onafhanklike state gehad nie. Nes apartheid volgens hierdie benadering nie hervorm kon word nie, kon die TBVC-state nie verbeter word nie; die ganse rassebedeling moes afgeskaf en deur ’n nie-rassige demokratiese stelsel in ’n verenigde Suid-Afrika vervang word.

Ironies was Suid-Afrika, self ’n verstotelingstaat met sy eie internasionale legitimiteitskrisis, by verstek die TBVC-entiteite se staatlike kommunikasiekanaal na en ook hul segspersoon en pleitbesorger met die buitewêreld. Suid-Afrika het egter vrugteloos probeer om internasionale aanvaarding van die staatskap van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei te wen; die vier state was immers die produkte van die rassebeleid waarvoor Suid-Afrika universeel verdoem is.

6.3 Uiteindes

Die laaste element van die ontledingsraamwerk – en die derde fase in die lewensiklus van betwiste state – handel oor hul finale status.

Die feit dat al 10 van vandag se betwiste state reeds langer as 20 jaar bestaan, wys dat dit vir hulle in die praktyk uiters moeilik is om tot volwaardige staatskap verhef te word deur kollektiewe internasionale erkenning en toelating tot die VN en ander multilaterale organisasies. Sommige van hierdie groep entiteite berus in hul huidige status omdat hulle nie internasionale erkenning in die afsienbare toekoms verwag nie en ook nie bereid is om by hul moederstate heringelyf te word nie. Dit mag ook wees dat die politieke en ekonomiese elites in van hierdie aspirantstate materiële voordeel trek uit die heersende orde en dit daarom wil handhaaf. Op die langer duur bly bevestigde staatskap steeds die eerste prys vir vandag se betwiste state.

Die teenpool van opgradering na volwaardige staatskap is die verdwyning van betwiste state. Al is die uitwissing of afsterwe van bevestigde state ’n redelik seldsame verskynsel in die moderne internasionale politiek, het dit al op verskeie maniere gebeur; betwiste state het

natuurlik ook al ondergegaan. Uit 'n internasionale regshoek beskou, kan die uitwissing van 'n staat geskied by wyse die inlywing van 'n staat deur 'n ander, tipies voorafgegaan deur verowering en besetting (bv. die Sowjet-Unie se inlywing van Estland, Letland en Litaue in die 1940's); samesmelting (soos Oos- en Wes-Duitsland, Noord- en Suid-Jemen en Noord- en Suid-Viëtnam); anneksasie (wat Marokko doen met Wes-Sahara); of ontbinding oftewel fragmentasie (die Sowjet-Unie, Joego-Slawië en Tsjeggo-Slowakye) (Shaw 2008:208–10). Etlike betwiste state het in die 20ste eeu ophou bestaan deurdat hulle meesal met geweld in hul oorspronklike of moederstate geïnkorporeer is (Hoch en Kopeček 2020:79–155). Dit geld, soos vroeër genoem, Mantsjoerye, Kroasië, Biafra en Katanga, asook die Republiek van Serwiese Krajina, die Gagausiese Republiek en die Tsjetsjeense Republiek van Itsjkeria. Die historikus N. Davies (2011:732–8) identifiseer twee verdere maniere waarop state al ondergegaan het: likwidasie (soos die konsensuele “satynskeiding” tussen die twee dele van Tsjeggo-Slowakye in 1993) en “dodgebore” entiteite (bv. die koninkryk van Etruria, 'n Napoleontiese skepping). Alhoewel hierdie twee situasies nie volledig op enige betwiste state van toepassing is nie, is daar tog raakpunte met die TBVC-lande. Hul afskeiding van Suid-Afrika bevat 'n element van partisie en 'n mate van instemming van elk van hulle en Suid-Afrika, maar terselfdertyd het hul verbintenis met apartheid gesorg vir 'n geboortedefek wat tot hul ondergang bygedra het.

Maar wat van die toekoms van vandag se betwiste state? Kosowo kan bes moontlik deur nog meer state erken word en uiteindelik algemene erkenning en toelating tot die VN kry. Palestina mag dalk vorentoe dieselfde pad volg, maar die SADR en Somaliland se vooruitsigte lyk sleg. Noord-Ciprus sal stellig ook nie tot volwaardige de jure-staatskap vorder nie, maar moontlik instem tot heraansluiting by 'n losse binasionale Cipriese federasie met die Griekse streek. Die Republiek van China se nie-erkenning het oor die jare toegeneem soos al hoe meer state eerder die Chinese Volksrepubliek erken. Taiwan se vrywillige inlywing by kommunistiese China is nie in die kaarte nie. In plaas van voortbestaan aan die rand van die internasionale gemeenskap, kan entiteite soos Abkhasië, Suid-Osetië, Nagorno Karabakh en Transnistrië moontlik as outonome streke weer in hul state van oorsprong opgeneem word, of deur geweld eenvoudig (her)ingelyf word.

Die TBVC-entiteite se betwiste staatskap het in 1994 tot 'n einde gekom met die val van wit minderheidsregering in Suid-Afrika. Hul herinlywing by die “nuwe” ANC-regeerde Suid-Afrika het nie bloot die verlies van hul status as soewereine state behels nie, maar ook hul bestaan as etnies-gebaseerde politieke en geografiese entiteite. So is Transkei en Ciskei opgeneem in die Oos-Kaapprovinsie, Venda in Limpopo en Bophuthatswana se brokstukke is ingelyf by Noordwesprovinsie, Noord-Kaap en die Vrystaat. Die selfregerende tuislande van Lebowa, Gazankulu, KwaNdebele, Qwaqwa, KaNgwane en KwaZulu het natuurlik ook in 1994 as afsonderlike politieke entiteite ophou bestaan en is by die provinsies ingelyf. Die destydse grense van al 10 tuislande het geen staatkundige betekenis meer nie. Sowat 650 000 staatsamptenare uit al hierdie entiteite is opgeneem in die sentrale en provinsiale regeringsdienste van demokratiese Suid-Afrika en die TBVC-lande se weermagte is by die nuut-saamgestelde Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag ingeskakel en hul polisiemagte by die nuwe Suid-Afrikaanse Polisiediens (Phillips 2018:3; Chipkin en Phillips 2014:3). Die gelyktydige herinlywing van nie een nie maar vier betwiste state deur 'n moederstaat is uniek in die onlangse geskiedenis van betwiste staatskap.

'n Verdere interessante aspek vir vergelyking is hoe die herintegrasie van betwiste state plaasgevind het: oorwegend vreedsaam of gewelddadig? Soos vermeld het hereniging in onlangse gevalle soos Tsjetsnië en Serwiese Krajina en vroeër ook Katanga en Biafra met volskaalse

oorloë tussen die moederstate en die wegbrekers gepaard gegaan. Hier te lande kan weer verwys word na president Mangope van Bophuthatswana se poging om sy land se onafhanklikheid en sy regering se voortbestaan in Maart 1994 met die wapen te beskerm. Dis vinnig en met redelik min geweld in die kiem gesmoor. Die feit dat die vier entiteite se heropname in Suid-Afrika relatief vreedsaam en glad verloop het, verdien vergelyking met byvoorbeeld Gagausië se herintegrasie by Moldowa in 1995. Daar kan ook vergelykend gekyk word na die soort ontvangs wat voormalige wegbreekentiteite en hul bevolkings gekry het na hereniging met die oorspronklike state. In die geval van Suid-Afrika kan die ANC se goeie vertoning in die voormalige tuislande tydens die 1994-verkiezing vertolk word as openbare ondersteuning vir die verdwyning van die ganse tuislandstelsel en as legitimering van die nuwe politieke bedeling.

'n Volgende basis van moontlike vergelyking is wat geword het van die politieke leiers van voormalige betwiste state. Het hulle na die herinlywing van hul gebiede in die moederstaat nog enige politieke rol gespeel? Of is hulle krimineel vervolgd of polities aanspreeklik gehou vir hul vorige politieke dade? In die geval van die nuwe Suid-Afrika was Mangope vir etlike jare nog in die politiek as leier van die Christelike Demokratiese Party (gestig in 1997), wat op 'n stadium geringe verteenwoordiging in die nasionale en provinsiale wetgewers gehad het (Phillips 2018:1–2). In sy termyn as die laaste leier van die Republiek van Transkei (1987–94) was generaal Holomisa se ANC-simpatieë reeds wyd bekend. In die laat-1980's het sy regering byvoorbeeld 'n groep insypelaars van die ANC se gewapende vleuel skuiling gebied in Transkei. Na die algemene verkiesing van 1994 was Holomisa 'n ANC-lid in die Nasionale Vergadering en het ook as 'n adjunk-minister gedien. In 1996 is hy uit die ANC geskop en in 1997 word hy medestigter van die United Democratic Movement. Hy is steeds die partyleier en 'n lid van die parlement (Phillips 2018:2; Major general Bantubonke (Bantu) Harrington Holomisa 2012). Laastens het Gqozo (Ciskei) se African Democratic Movement sonder welslae deelgeneem aan die 1994-verkiezing (Oupa Joshua Gqozo 2011).

'n Verskynsel wat moontlik nie uniek aan post-1994-Suid-Afrika is nie, is wat Phillips (2018:1–3) noem 'n “Bantoestan-nostalgie”. Dis 'n verlange onder veral swart Suid-Afrikaners wat in die tuislande gewoon het, na aspekte van die tuislande in die algemeen en nie bloot Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei nie. Phillips (2018:2–3) verduidelik dat hierdie heimwee meer te doen het met die hede as die verlede, met ander woorde dit weerspieël hoofsaaklik mense se ontnugtering met die gebreke van die nuwe Suid-Afrika. Teenoor die vlag van misdaad en die gebrek aan persoonlike veiligheid in Suid-Afrika vandag, word die ou tuislande onthou as plekke waar wet en orde gegeld het, waar etniese nasionalisme aan mense “a sense of belonging” gebied het, 'n klein swart middelklas (bestaande uit politici, amptenare, onderwysers, boere, tradisionele leiers en sakelui) ontwikkel het, en waar swart mense makliker as in Suid-Afrika vandag opgang in hul loopbane kon maak en aansien verkry (Phillips 2018:3; Chipkin en Phillips 2014:2). Hierdie Bantoestan-nostalgie het weliswaar nie gelei tot georganiseerde politieke bewegings wat die ancien régime in byvoorbeeld Transkei of Bophuthatswana of KwaZulu wil herstel nie. Daarteenoor het die voormalige Katanga en Biafra al te kampe gehad met hernieude etnies-gedrewe afstigtingsbewegings. Tog is daar sosiaal-wetenskaplike navorsers wat van mening is dat die nalatenskappe van die ou tuislande ingegrif is in Suid-Afrika se huidige politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese landskap en verdere akademiese ondersoek verdien (Ally en Lissoni 2017).

Die ontbinding van die TBVC-state was nie 'n onverwagse, eensklapse gebeurtenis nie. Sedert die middel-1980's is die politieke mat stelselmatig onder hulle uitgetrek deur hul moederstaat

en is die proses van hul ondergang aangehelp deur verreikende gebeure in Suid-Afrika en onstabieleit in die vier susterstate self. Voeg hierby dat die viertal se kans om aan internasionale ballingskap te ontsnap geensins met die verloop van tyd verbeter het nie.

Belangrike vroeë aanduidings dat die Suid-Afrikaanse regering sy verbintenis tot afsonderlike ontwikkeling en onafhanklike tuislande heroorweeg, het in 1985 na vore gekom. By die parlamentsopening daardie jaar, verklaar president P.W. Botha dat sy regering die permanensie van swart mense in “wit” Suid-Afrika aanvaar, die ses oorblywende selfregerende tuislande nie noodwendig onafhanklik sou word nie, en dat die inwoners van hierdie gebiede asook swartes in wit gebiede weer Suid-Afrikaanse burgers sou word. Voorts het Botha onderneem dat daar met swart Suid-Afrikaners onderhandel sou word oor hul deelname aan ’n nuwe bedeling. In sy veelbesproke “Rubicon”-toespraak in Augustus 1985 bevestig Botha dat die bevolking van swart tuislande wat “[...] verkies om nie onafhanklikheid te aanvaar nie”, deel van die “Suid-Afrikaanse nasie” bly en as Suid-Afrikaanse burgers geakkommodeer moet word in politieke instellings binne die Republiek (aangehaal deur De Klerk 1998:122). In Augustus 1986 aanvaar die regerende Nasionale Party, by ’n spesiale federale kongres, die party se “[...] 180-grade-beleidsverandering weg van apartheid, afsonderlike ontwikkeling en rassediskriminasie”, in die woorde van F.W. de Klerk, destyds ’n minister in Botha se kabinet. Die party se nuwe grondbeginsels was een, verenigde Suid-Afrika; een mens een stem; die uitskakeling van alle vorme van rassediskriminasie; en die doeltreffende beskerming van minderhede teen oorheersing deur die meerderheid (De Klerk 1998:127–8). Dit was oor hierdie nuwe beleidsraamwerk dat die Nasionale Party sy veldtog in die algemene verkiesing van 1987 gevoer het. Met sy oorwinning het die party ’n nuwe mandaat gekry wat De Klerk (1998:128) vertolk het as “[...] ’n doodsvonnis vir apartheid en as die begin van die Nuwe Suid-Afrika”.

Dat die koeël deur die kerk was vir die TBVC-state is bevestig in die proses van onderhandeling vir ’n nuwe grondwetlike bedeling wat in 1990 stadig begin het en in Desember 1991 stukrag gekry het met die stigting van die Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa). In dieselfde maand het die partye betrokke by die inklusiewe onderhandelingsforum die Verklaring van Voorneme onderteken waarin die ooreengekome basiese elemente van ’n nuwe staatkundige bestel vervat is. Ter sake is veral die verwysing na ’n onverdeelde Suid-Afrika met een nasie en ’n gemeenskaplike burgerskap asook ’n “[...] verenigde, demokratiese, nierassige en nieseksistiese staat waarin soewereine gesag oor sy hele gebied uitgeoefen word” (De Klerk 1998:192,242; nuwegeskiedenis.litnet.co.za/nuwegeskiedenis-hoofstuk15pdf). Twee tuislandafvaardigings het egter geweier om die dokument te onderteken: Bophuthatswana omdat die verklaring die herinlywing van die TBVC-state by Suid-Afrika geïmpliseer het, en KwaZulu omdat die gebied se regerende Inkatha Vryheidsparty geglo het dat die verwysing na ’n onverdeelde Suid-Afrika by voorbaat ’n volwaardige federale bedeling uitsluit (De Klerk 1998:242). In die verdere verloop van die onderhandelinge het die verteenwoordigers van KwaZulu, Bophuthatswana en ook Ciskei hulself toenemend verset teen die rigting waarin die proses geloop het. Hulle het byvoorbeeld die Notule van Verstandhouding van September 1992, wat uitvoerige bepalings vir ’n nuwe konstitusionele raamwerk bevat het, verwerp. Die drie partye het hulle ook geskaar by konserwatiewe wit groeperings om eers die Concerned South Africans Group en later die Vryheidsalliansie binne Kodesa te vorm om onder meer die selfbeskikkingsreg van volke in Suid-Afrika te bevorder (De Klerk 1998:271–96). Hierdie reg was natuurlik een die fundamente van die tuislandbeleid. Desondanks het die heel eerste van die 34 grondwetlike beginsels wat Kodesa in 1993 aanvaar het, verwys na “een soewereine staat” en “’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap”. Die 16de beginsel het bepaal dat daar drie vlakke van regering sal wees, te wete nasionaal, provinsiaal en plaaslik. Hierdie stel

beginsels is opgeneem in die oorgangsgrondwet wat Kodesa in 1993 aanvaar en wat einde April 1994 in werking getree het. Die 1993-grondwet het voorsiening gemaak vir die opneem van die grondgebiede van die TBVC-state en die ses selfregerende tuislande in verskeie van die nege nuwe provinsies (wat die vier provinsies uit die ou bedeling sou vervang).

Synde gebaseer op die genoemde stel grondwetlike beginsels, verklaar die finale grondwet van 1996 (wat in Februarie 1997 van krag geword het) verstaanbaar dat Suid-Afrika “[...] behoort aan almal wat daarin woon”, die Republiek is “een, soewereine, demokratiese staat”, en daar is ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap. Op die oog af verbied hierdie bepalings enige territoriale fragmentasie van Suid-Afrika om etniese tuislande te skep. Tog maak artikel 235 voorsiening vir “[...] die erkenning [...] van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat ’n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, op selfbeskikking binne ’n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal”. Teoreties gesproke sou die ongedefinieerde selfbeskikking op dieselfde groepe van toepassing kan wees vir wie daar vantevore tuislande geskep is, maar die praktiese uitoefening van dié reg deur kultuur- en taalgemeenskappe sal eers ernstige juridiese en politieke hindernisse moet oorkom. Dieselfde struikelblokke sal ook geld vir onderhandelde afskeidingspogings vir gemeenskappe soos Afrikaners of streke soos die Wes-Kaap (De Vos 2020).

Die ondergang van die TBVC-state kan vertolk word as ’n mislukking van Suid-Afrika se eksperiment in staatskepping (Dugard 1994:81; Strydom en Gevers 2016:37). Terselfdertyd kom die ontbinding van die TBVC-state neer op wat Dugard (1994:81) beskou as “[...] a victory for non-recognition as a means of obstructing the acceptance of states and territorial arrangements that violate the most basic norms of international law”. Dit beteken nie dat slegs die internasionale verwerping van hul bestaansreg op daardie stadium tot die verdwyning van die susterstate gelei het nie; die Turkse Republiek van Noord-Ciprus, Abkhasië, Suid-Osetië, Nagorno-Karabakh, Transnistrië en Somaliland bestaan almal immers al langer as 20 jaar. Die primêre rede vir die ontbinding van Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei was eerder die politieke metamorfose wat hul moederstaat Suid-Afrika ondergaan het, tesame met die diskreditering, kriminalisering en uiteindelijke afskaffing van die rassebeleid wat vir die skepping van onafhanklike swart tuislande voorsiening gemaak het. Met ’n fatale geboortedefek kon die vier onafhanklike tuislande nie ontwikkel in die kroonjuwele van afsonderlike ontwikkeling nie. Daarom dat die TBVC-lande se wyse van ondergang, soos ook hul ontstaan, uniek mag wees in die annale van betwiste state.

7. Gevolgtrekking

Twee verbandhoudende motiverings het tot hierdie artikel aanleiding gegee. Die eerste is dat akademiese geskifte oor Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei as onafhanklike state selde indien ooit enige blyke getoon het dat hierdie entiteite se gebrek aan internasionale aanvaarding nie heeltemal uniek was nie. Voor, tydens en na die TBVC-entiteite se bestaan as aspirantstate wie se bestaansreg internasionaal betwis is, was en is daar steeds verskeie ander lande in dieselfde penarie. Die tweede motivering is dat hedendaagse studies van hierdie ander betwiste oftewel de facto-state op hul beurt meesal geen aandag gee aan die bestaan van die TBVC-state tussen 1976 en 1994 nie. Die doel van die huidige artikel is om hierdie twee gapings te probeer vul. Deur die TBVC-lande in ’n vergelykende internasionale perspektief te plaas, kon ooreenkomste en verskille tussen hulle en ander betwiste state uitgewys word en

kan navorsers hopelik oorreed word dat Suid-Afrika se vier onafhanklike voormalige tuislande waardige en waardevolle gevallestudies is in vergelykende ontledings van betwiste state. Sodoende word die ryk verskeidenheid onder sulke state wêreldwyd ook bevestig. Die volgehoue toename in ernstige akademiese studies oor betwiste state en die gepaardgaande vestiging van 'n sub-veld in internasionale betrekkinge oor dié tema, bewys dat hierdie omstrede en verstote politieke entiteite as eiesoortige internasionale rolspelers erken en nagevors word.

Die eenvoudige ontledingsraamwerk wat hier gebruik is, is gebou op drie fases in die lewensiklus van betwiste state. Daar is eerstens gelet op hoe betwiste state ontstaan, gedagtig daaraan dat hulle hulself in 'n ongewone, onwelkome en onaangename situasie bevind. Hul ontstaanswyse hou gewoonlik die sleutel tot die verklaring van hul betwiste staatskap. Dié wat gebore is uit sesessie of dade wat die internasionale reg skend, soos aggressie, besetting en rassediskriminasie, is veral sedert die tweede wêreldoorlog as onwettige state beskou sonder 'n regmatige aanspraak op staatskap. Die TBVC-state, as produkte van apartheid – 'n misdaad teen die mensdom – is as 't ware in sonde ontvang, gebore en getoë en daarom internasionale erkenning en aanvaarding ontsê. Hul verband met apartheid en rassediskriminasie, wat uitvoerig bespreek is, plaas die TBVC-state in 'n klas van hul eie wat betref die ontstaan van betwiste state.

Die tweede fase gaan oor betwiste state se voortbestaan onder toestande van internasionale verwerping en afsondering. Hierdie werklikheid kan die entiteite se verrigting van 'n sestal tipiese take bemoeilik: die bevordering van sekuriteit of net eenvoudig politieke oorlewing, staatsbou, nasiebou, demokratisering, ekonomiese ontwikkeling en internasionale verhoudinge. Omdat die TBVC-state besondere uitdagings met laasgenoemde ervaar het weens hul volslae gebrek aan de jure- internasionale erkenning van hul staatskap (behalwe van Suid-Afrika) en dit ook 'n tema is waaroor redelik min gegewens nog gepubliseer is, skenk die artikel heelwat aandag hieraan. Die vier susterstate se betrekkinge met Suid-Afrika was vir hulle lewensnoodsaaklik en het uiterste afhanklikheid van hul skepper- en moederstaat tot gevolg gehad. Hierdie aspekte kan tot interessante vergelykings met ander betwiste state soos Noord-Ciprus, Nagorno Karabakh en Somaliland lei. Die omvattende netwerk van multilaterale instellings wat deur Suid-Afrika en sy vier voormalige tuislande geskep is, is waarskynlik uniek in die verhoudinge van betwiste state en hul begunstigerstate.

Die laaste fase in die lewensiklus van betwiste state handel oor hoe hulle uit hierdie status kan ontsnap. Die uitgangspunt is dat bykans al die betrokke state streef na kollektiewe internasionale erkenning en deelname aan normale eksterne betrekkinge met bevestigde state en lidmaatskap van multilaterale organisasies, bowenal die VN as die globale instansie wat “geboortesertifikate” aan aspirantstate kan uitreik. Dit gebeur egter baie selde dat betwiste state tot volwaardige staatskap bevorder word. Onder vandag se 10 betwiste state staan net Kosowo 'n goeie kans op algemene internasionale aanvaarding in die nabye toekoms. Histories het verskeie betwiste state tot niet gegaan deur gewelddadig by hul moederstate heringelyf te word; Katanga, Biafra, Tsjetsnië en Serwiese Krajina is voorbeelde van hierdie uiteinde. Die TBVC-state is daarteenoor grootliks vreedsaam en redelik glad by Suid-Afrika heringelyf om 'n taamlik uitsonderlike rede: regime-verandering in hul skepper- en moederstaat, Suid-Afrika. Die ideologie, regering en ondersteunende burokrasie wat tot onafhanklikheid vir die vier etnies-gebaseerde tuislande gelei het en hulle aan die lewe gehou het, is vervang deur 'n gans nuwe staatkundige bedeling wat apartheid in die ban gedoen het. Daar kan wel gevra word of ingrypende politieke veranderinge in die begunstigerstate van sommige van vandag se betwiste state ook moontlik tot laasgenoemde se herinlywing by hul moederstate kan lei.

Intussen het die internasionale gemeenskap steeds te kampe met 'n tiental betwiste state wat al vir meer as 20 jaar bestaan en waarskynlik vir nog baie jare die bron van spanning en onstabiliteit in hul onderskeie streke kan wees. Laastens bestaan die moontlikheid van toekomstige betwiste state, veral indien rebelse gemeenskappe eensydig afskei van state waarin hulle meen hulle onderdruk of andersins as groep benadeel word.

Erkenning

Drie voormalige Suid-Afrikaanse diplomate – prof. Costa Georghiou, mnr. Eli Bitzer en dr. John Mare – het hul destydse professionele wedervaringe van die TBVC-state met my gedeel en my gehelp sin maak van die vier lande se buitelandse bedrywighede. Ek erken met dank hul bydrae tot hierdie artikel.

Bibliografie

Allen, S. 2000. Statehood, self-determination and the “Taiwan question”. *Asian Yearbook of International Law*, 9:191–219.

Ally, S. en A. Lissoni (reds.). 2017. *New histories of South Africa's apartheid-era Bantustans*. Abingdon: Routledge.

Bahcheli, T., B. Bartmann en H. Srebrnik (reds.). 2004. *De facto states: The quest for sovereignty*. Londen: Routledge.

Barrie, G.N. 1976. A legal view of Transkeian recognition and so-called “statelessness”. *Politikon*, 3(2):31–5.

Beinart, W. en S. Dubow (reds.). 1995. *Segregation and apartheid in twentieth-century South Africa*. Londen: Routledge.

Berg, E. en S. Pegg. 2018. Scrutinizing a policy of “engagement without recognition”: US requests for diplomatic actions with de facto states. *Foreign Policy Analysis*, 14(3):388–407.

Berg, E. en K. Vits. 2018. Quest for survival and recognition: Insights into the foreign policy endeavours of the post-Soviet de facto states. *Ethnopolitics*, 17(4):390–407.

Berg E. en J. Ker-Lindsay (reds.). 2019. *The politics of international interaction with de facto states*. Abingdon: Routledge.

Bernhardt, R. (red.). 2000. *Encyclopedia of public international law*. 4de volume. Amsterdam: Elsevier.

Breytenbach, W.J. 1984. Samewerkingsgebiede en -projekte binne die kader van die interafhanklikheid tussen die RSA en TBVS-state. In Bridgman e.a. 1984.

Bridgman, D.H.M. 1984. Co-operation and interdependence between South Africa and Ciskei. In Bridgman e.a. 1984.

Bridgman, D.H.M. e.a. 1984. *Interafhanklikheid en samewerking tussen die RSA en TBVC-lande*. Potchefstroomse Universiteit: Instituut vir Politieke en Afrikastudie navorsingspublikasie nr. 3, Departement Sentrale Publikasies.

Broers, L. 2013. Recognizing politics in unrecognized states: 20 years of inquiry into the de facto states of the South Caucasus. *Caucasus Survey*, 1(1):59–74.

Bryant, R. en M. Hatay. 2021. *Sovereignty suspended: Building the so-called state*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Burns, J.F. 1987. Army coup in South African homeland. *The New York Times*, 31 Desember. <https://www.nytimes.com/1987/12/31/world/army-coup-in-south-african-homeland.html> (18 Augustus 2021 geraadpleeg).

Butler J., R.I. Rotberg en J. Adams. 1978. *The black homelands of South Africa: The political and economic development of Bophuthatswana and KwaZulu*. Berkeley: University of California Press.

Carter, G.M., T. Karis en N.M. Stultz. 1967. *South Africa's Transkei: The politics of domestic colonialism*. Londen: Heinemann.

Caspersen, N. 2011. Democracy, nationalism and (lack of) sovereignty: The complex dynamics of democratization in unrecognized states. *Nations and Nationalism*, 17(2): 337–56.

—. 2012. *Unrecognized states: The struggle for sovereignty in the modern international system*. Cambridge: Polity.

—. 2019. Collective non-recognition of states. In Visoka, Doyle en Newman (reds.) 2019.

Casperson, N. en G. Stansfield (reds.). 2014. *Unrecognized states in the international system*. Abingdon: Routledge.

Chipkin, I. en L. Phillips. 2014. Bantustans are dead – long live the Bantustans. *Mail & Guardian*, 10 Julie. <https://mg.co.za/article/2014-07-10-bantustans-are-dead-long-live-the-bantustans/> (3 September 2021 geraadpleeg).

Comai, G. 2018. Conceptualising post-Soviet de facto states as small dependent jurisdictions. *Ethnopolitics*, 17(2):181–200.

Cooley, A. en A.M. Mitchell. 2010. Engagement without recognition: A new strategy toward Abkhazia and Eurasia's unrecognized states. *The Washington Quarterly*, 33(4):59–73.

Coppieters, B. 2019. Engagement without recognition. In Visoka, Doyle en Newman (reds.) 2019.

Countries that recognize Kosovo 2020. 2020. <https://worldpopulationreview.com/country-rankings/countries-that-recognize-kosovo> (27 September 2021 geraadpleeg).

Countries that recognize Taiwan 2020. 2021. <https://worldpopulationreview.com/country-rankings/countries-that-recognize-taiwan> (27 September 2021 geraadpleeg).

Crawford, J. 1979. *The creation of states in international law*. Oxford: Clarendon Press.

—. 1997. State practice and international law in relation to unilateral secession. Report to the Government of Canada concerning unilateral secession by Quebec. Tamilnation.org. <http://www.tamilnation.org/selfdetermination/97crawford.htm> (15 Julie 2020 geraadpleeg).

—. 2002. *International law as an open system*. Londen: Cameron May.

Cronjé, R. 1984. Interafhanklikheid, samewerkingsgebiede en -projekte tussen die RSA en TBVC-lande: 'n Perspektief uit die TBVC-lande. In Bridgman e.a. 1984.

Davenport, T.R.H. 1977. *South Africa: A modern history*. Londen: Macmillan.

Davies, N. 2011. *Vanished kingdoms: The rise and fall of states and nations*. New York: Viking.

De Klerk, F.W. 1998. *Die laaste trek – 'n nuwe begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Vos, P. 2020. Fringe talk of Western Cape secession is reactionary – and unachievable. *Daily Maverick*, 12 Augustus. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2020-08-12-fringe-talk-of-western-cape-secession-is-reactionary-and-unachievable> (16 September 2021 geraadpleeg).

Devenish, G.E. 1985. The constitution of the Republic of Bophuthatswana. In Vorster, Wiechers en Van Vuuren (reds.) 1985.

Dixon, M. 2000. *Textbook on international law*. 4de uitgawe. Londen: Blackstone Press.

Du Pisani, K. 2012. B.J. Vorster en afsonderlike ontwikkeling. In Pretorius (red.) 2012.

Dugard, J. 1978. *Human rights and the South African legal order*. Princeton: Princeton University Press.

—. 1987. *Recognition and the United Nations*. Cambridge: Grotius Publications.

—. 1994. *International law: A South African perspective*. Kaapstad: Juta.

—. 2012. South African Bantustan policy. In Wolfrum (red.) 2012.

Eksteen, M.C. 1982. Ciskei: A constitutional framework with provision for a broader concept in southern Africa. *Africa Insight*, 12(1):42–5.

- Fabry, M. 2012. The contemporary practice of state recognition: Kosovo, South Ossetia, Abkhazia, and their aftermath. *Nationalities Papers*, 40(5):661–76.
- Fawcett, J.E.S. 1968. *The law of nations*. Londen: Allen Lane.
- Florea, A. 2017. De facto states: Survival and disappearance (1945–2011). *International Studies Quarterly*. doi:10.1093/isq/sqw049. <https://academic.oup.com/isq/article/61/2/337/3078982> (12 Augustus 2021 geraadpleeg).
- Fragile states index*. s.j. Washington D.C.: Fund for Peace. <https://fragilestatesindex.org>.
- Freedom in the world 2021: Democracy under siege*. 2021. Washington D.C.: Freedom House. freedomhouse.org/countries/freedom-world/scores (7 September 2021 geraadpleeg).
- Geldenhuis, D. 1981. *South Africa's black homelands: Past objectives, present realities and future developments*. Braamfontein: South African Institute of International Affairs.
- . 2009. *Contested states in world politics*. Houndmills: Palgrave.
- Giliomee, H. 2012a. *Die laaste Afrikanerleiers: 'n Opperste toets van mag*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2012b. “Aanpas of sterf”, 1978–1984. In Pretorius (red.) 2012.
- . 2012c. Apartheid: 'n Ander blik. In Pretorius (red.) 2012.
- Gratjios, A. 1982. The abdication of its sovereignty over Transkei, Bophuthatswana and Venda by the South African parliament. *Magisterverhandeling*, Unisa.
- Grotenhuis, R. 2016. *Nation-building as necessary effort in fragile states*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Harvey, W.B. en W.H.B. Dean. 1978. The independence of Transkei – a largely constitutional inquiry. *The Journal of Modern African Studies*, 16(2):189–220.
- HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 1994. Johannesburg: Perskor.
- Hill, C.R. 1964. *Bantustans: The fragmentation of South Africa*. Londen: Oxford University Press.
- Hoch, T. en V. Kopeček (reds.). 2020. *De facto states in Eurasia*. Abingdon: Routledge.
- Hough, M. 1984. Veiligheidsamewerking tussen Suid-Afrika en die onafhanklike swart state. In Bridgman e.a. 1984.
- Isachenko, D. 2018. The production of recognized space: Statebuilding practices of Northern Cyprus and Transdnistria. *Journal of Intervention and Statebuilding*, 2(3): 353–68.
-

James, A. 1986. *Sovereign statehood: The basis of international society*. Londen: Allen & Unwin.

Johnson, M.C. en M. Smaker. 2014. State-building in de facto states: Somaliland and Puntland compared. *Africa Today*, 60(4):3–23.

Ker-Lindsay, J. 2012. *The foreign policy of counter-secession: Preventing the recognition of contested states*. Oxford: Oxford University Press.

—. 2015. Engagement without recognition: The limits of interaction with contested states. *International Affairs*, 91(2):267–85.

Ker-Lindsay, J. en E. Berg. 2018. Introduction: A conceptual framework for engagement with de facto states. *Ethnopolitics*, 17(4):335–42.

Khunou, S.F. 2009. Traditional leadership and independent Bantustans of South Africa: Some milestones of transformative constitutionalism beyond apartheid. *Potchefstroom Electronic Law Journal*, 12(4):81–125.

Khwashaba, M.P. 1991. The financial relationship between the Republic of Venda and the Republic of South Africa. *Magisterverhandeling, Unisa*.

King, C. 2001. The benefits of ethnic war: Understanding Eurasia's unrecognized states. *World Politics*, 53(4):524–52.

Klein, E. 2000. South African Bantustan policy. In Bernhardt (red.) 2000.

Kolstø, P. 2021. Authoritarian diffusion, or the geopolitics of self-interest? Evidence from Russia's patron-client relations with Eurasia's *de facto* states. *Europe-Asia Studies*, 73(5):890–912.

Kolstø, P. en H. Blakkisrud. 2008. Living with non-recognition: State- and nation-building in South Caucasian quasi-states. *Europe-Asia Studies*, 60(3):483–509.

Kolstø, P. en H. Blakkisrud. 2012. De facto states and democracy: The case of Nagorno-Karabakh. *Communist and Post-Communist Studies*, 45(1/2):141–51.

Kosienkowski, M. 2020. The patron-client relationship between Russia and Transnistria. In Hoch en Kopeček (reds.) 2020.

Kursani, S. 2021. Reconsidering the contested state in post-1945 international relations: An ontological approach. *International Studies Review*, 23(3):752–78.

Kurtulus, E.N. 2005. *State sovereignty: Concept, phenomenon and ramifications*. Houndmills: Macmillan.

Le Roux, W. 1993. Ciskei en Transkei: 'n Studie in tussenstaatlike verhoudings. Doktorale proefskrif, Potchefstroomse Universiteit.

Lynch, D. 2004. *Engaging Eurasia's separatist states: Unresolved conflicts and de facto states*. Washington D.C.: United States Institute of Peace Press.

Major general Bantubonke (Bantu) Harrington Holomisa. 2012. South African History Online. <https://www.sahistory.org.za/people/major-general-bantubonke-bantu-harrington-holomisa> (25 Augustus 2021 geraadpleeg).

Mangope, L. 1978. *A place for all*. Goodwood: Via Afrika.

Marala, T.N. 1984. An investigation into the Transkei's position as a sovereign independent state. Magisterverhandeling, Universiteit van Fort Hare.

Markedonov, S. 2015. De facto statehood in Eurasia: A political and security phenomenon. *Caucasus Survey*, 3(3):195–206.

Mompei, G.M. 1994. Factors and events which led to the political independence of Bophuthatswana 1950–1977. Magisterverhandeling, Potchefstroomse Universiteit.

Mugerwa, N. 1968. Subjects of international law. In Sorensen (red.) 1968.

Muller, M.E. 1988. Multilaterale samewerking in Suider-Afrika. *Politikon*, 15(1):90–104.

Norman, G.E. 1977. The Transkei: South Africa's illegitimate child. *New England Law Review*, 12(3):585–646.

Nuwerwetse politieke woordeboek: Terme, begrippe en gebruike in die politieke wetenskappe. 2002. Johannesburg: CEPTSA, Randse Afrikaanse Universiteit.

Ó Beacháin, D. 2012. The dynamics of electoral politics in Abkhazia. *Communist and Post-Communist Studies*, 45(1/2):165–74.

Oupa Joshua Gqozo. 2011. South African History Online. <https://www.sahistory.org.za/people/oupa-joshua-gqozo> (25 Augustus 2021 geraadpleeg).

Palani, K., J. Khidir, M. Dechesne en E. Bakker. 2020. De facto states' engagement with parent states: Kurdistan's engagement with the Iraqi government. *British Journal of Middle Eastern Studies*. DOI:10.1080/13530194.2020.1714429:1–18.

Pegg, S. 1998. *International society and the de facto state*. Aldershot: Ashgate.

—. 2017. Twenty years of de facto state studies: Progress, problems, and prospects. *Oxford Research Encyclopedia of Politics*. Oxford: Oxford University Press. <https://doi.org/10.1093/acrefore/9780190228637.013.516>.

Pegg, S. en P. Kolstø. 2015. Somaliland: Dynamics of internal legitimacy and (lack of) external sovereignty. *Geoforum*, 66:193–202.

Pelzer, A.N. (red.). 1964. *Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948–1962*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel.

Permanent Observer Mission of the State of Palestine to the United Nations. s.j.
<http://palestineun.org/about-palestine/diplomatic-relations> (18 Augustus 2021 geraadpleeg).

Phillips, L. 2018. The peculiar nostalgia for the former Bantustans in South Africa.
<https://africasacountry.com/2018/03/the-peculiar-nostalgia-for-the-former-bantustans-in-south-africa> (1 September 2021 geraadpleeg).

Pretorius, F. (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

Race Relations Survey 1984. 1985. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Race Relations Survey 1988/89. 1989. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Race Relations Survey 1991/92. 1992. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Rathebe, S.L.L. 1984. Interdependence and co-operation between the Republic of Bophuthatswana and the RSA – A perspective from Bophuthatswana. In Bridgman e.a. (reds.) 1984.

Rautenbach, I.M. en E.F.J. Malherbe. 1994. *Staatsreg*. Johannesburg: Lex Patria.

Richards, R. 2014. *Understanding statebuilding: Traditional governance and the modern state in Somaliland*. Farnham: Ashgate.

Richards, R. en R. Smith. 2015. Playing in the sandbox: State building in the space of non-recognition. *Third World Quarterly*, 36(9):1717–35.

Richardson, H.J. 1978. Self-determination, international law and the South African Bantustan policy. *Columbia Journal of Transnational Law*, 17:185–219.

Riegl, M. en B. Doboš (reds.). 2017. *Unrecognized states and secession in the 21st century*. Cham: Springer.

Rogerson, C.M. 1990. Sun International: The making of a South African tourism multinational. *Geo-Journal* 22(3):345–54.

Scher, D.M. 2012a. Na-oorlogse rasseverhoudinge, 1902–1948. In Pretorius (red.) 2012.

—. 2012b. Die vestiging van die apartheidstaat, 1948–1966. In Pretorius F. (red.) 2012.

Scholtz, G.D. 1974a. *Dr Hendrik Frensch Verwoerd 1901–1966*. 1ste band. Johannesburg: Perskor-uitgewery.

—. 1974b. *Dr Hendrik Frensch Verwoerd 1901–1966*. 2de band. Johannesburg: Perskor-uitgewery.

- Scholtz, L. 2016. *Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu*. Pretoria: Kraal uitgewers.
- Scott Z. 2007. *Literature review on state-building*. University of Birmingham: International Development Department. <http://www.gsdr.org/docs/open/hd528.pdf>
- Shaw, M.N. 2003. *International law*. 5de uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2008. *International law*. 6de uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.
- Shearer, I. 2000. International legal relations between Australia and Taiwan: Behind the façade. *The Australian Year Book of International Law*, 21:113–32.
- Sisk, T. 2013. *Statebuilding: Consolidating peace after civil war*. Cambridge: Polity Press.
- Sorensen, M. (red.). 1968. *Manual of public international law*. Londen: Macmillan.
- Southall, R. 1982. *South Africa's Transkei: The political economy of an "independent" Bantustan*. Londen: Heinemann.
- Starke, J.G. 1989. *Introduction to international law*. 10de uitgawe. Londen: Butterworths.
- Statistics South Africa 2000. *South African Statistics 2000*. <http://www.statssa.gov.za/publications/SAStatistics/SAStatistics2000.pdf>
- Streek, B. en R. Wicksteed. 1981. *Render unto Kaiser: A Transkei dossier*. Johannesburg: Ravan Press.
- Strydom, H. (red.). 2016. *International law*. Kaapstad: Oxford.
- Strydom, H. en C. Gevers. 2016. Statehood and recognition. In Strydom (reds.) 2016.
- Survey of race relations in South Africa: 1983*. 1984. Johannesburg: South African Institute of Race Relations. http://psimg.jstor.org/fsi/img/pdf/t0/10.5555/al.sff.document.boo19840000.042.000_final.pdf(15 Junie 2021 geraadpleeg).
- The O'Malley Archives. s.j. The Nelson Mandela Foundation. <https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/031v02039/041v02040.htm> (10 Augustus 2021 geraadpleeg)
- The O'Malley Archives. s.j. The homelands. The Nelson Mandela Foundation. <https://omalley.nelsonmandela.org/omalley/index.php/site/q/031v02424/041v03370/051v03413.htm> (11 Augustus 2021 geraadpleeg).
- The Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report 1998. 2de volume. https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/volume_2_0.pdf.
- Thomas, W.H. 1984. Interdependence and cooperation in Southern Africa: Some views from Transkei. In Bridgman e.a. 1984.
-

- Toomla, R. 2014. *De facto states in the international system: Conditions for (in)formal engagement*. Tartu: University of Tartu Press.
- . 2016. Charting informal engagement between de facto states: A quantitative analysis. *Space and Polity*, 20(3):330–45.
- Van der Merwe, D. 1991. Economic cooperation in Southern Africa. *The Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 24(3):386–404.
- Van Wyk, A. 2008. Die rol van verligtes in die grondwetlike onderhandelinge, 1990–1994. *Historia*, 53(1):197–225.
- Venter, F. 1985. Perspectives on the constitutions of Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei. In Vorster, Wiechers en Van Vuuren (reds.) 1985.
- Visoka, G. 2018. *Acting like a state: Kosovo and the everyday making of statehood*. Londen: Routledge.
- Visoka, G., J. Doyle en E. Newman (reds.). 2019. *Routledge handbook of state recognition*. Abingdon: Routledge.
- Von Steinsdorff, S. 2012. Incomplete state-building – incomplete democracy: How to interpret political development in post-Soviet de facto states. Conclusion. *Communist and Post-Communist Studies*, 45(1/2):201–6.
- Vorster, M.P., M. Wiechers en D.J. van Vuuren (reds.). 1985. *The constitutions of Transkei, Bophuthatswana, Venda and Ciskei*. Durban: Butterworths.
- Welsh, D. 2009. *The rise and fall of apartheid*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Wesley, M. 2008. The state of the art and the art of state building. *Global Governance*, 14(3):369–85.
- Wiechers, M. 1981. *Verloren van Themaat staatsreg*. 3de uitgawe. Durban: Butterworth.
- Wolfrum, R. (red.). 2012. *The Max Planck encyclopedia of public international law*. Oxford: Oxford University Press.